

KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

12 Junie 2020

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 204 – Nummer 9

Boer oor kospakkieprojek:

‘Dis ’n opdrag van God’

JACOBIE M HELENA

“Ek is baie bekommerd. Daar gaan meer mense aan hongerte as aan Covid-19 doodgaan.”

Só sê Rossouw Cillié, groente- en vrugteboer en uitvoerende hoof van Laastedrif Boerdery in Ceres in die Wes-Kaap. Cillié het in die inperkings-tyd byna 1 000 kospakkies met groente en vrugte per week aan honger mense voorsien.

Hy is een van duisende Suid-Afrikaanse voedselprodusente, gemeenskapsorganisasies, kerke en ander geloofsorganisasies wat weerloos in die samelewing probeer beskerm teen die onafwendbare ekonomiese swaarkry wat vir talle voorlê.

Behalwe sy betrokkenheid in die breër gemeenskappe waar sy ses plase, wat van die Sandveld aan die Weskus tot onder Matroosberg strek, het Cillié in die grendeltyd met AgriSA hande gevat om die kosboksies met groente en vrugte na die Kaapse Vlakte te versprei.

Cillié sê sy gemeenskapshart het hy by sy ma Irene, wat onlangs oorlede is, geërf. Hy vertel dat sy ’n omgeemens was wat altyd uit haar pad gegaan het om vir mense te gee. Dit is dié leefwyse van gee wat hulle by haar oorgeneem het. Cillié sê sy ma het ook geglo dat ’n mens nooit met iets mag mors nie. Rossouw sê ’n draaipunt het vir hom gekom toe hy besef het hoeveel van die voedsel wat op sy plase geproduseer word, steeds verlore gaan. “Daar is groente en vrugte wat die klant of die supermark

nie wil hê nie, maar wat steeds hoëgehalte produkte is.” Dit is juis dié beginsel om waarde tot kos toe te voeg wat hulle met die verspreiding van die kospakkies implementeer, sê hy.

Cillié vertel hoe baie hy van waarde-toevoeging tot kos by die werksmense leer. Hy gebruik die broccolikop as ’n voorbeeld: “Ons is geneig om die blare van die broccoli weg te gooi. Ek vra toe vir my werksmense om ’n boksie groente op te maak wat hulle onder andere vir sop kan gebruik. Tot my verbasing sit van die vroue, wat in een van die pakhuisse werk, die blare van die broccoli in die boks van bruikbare produkte. Ek was verbaas. Ons is gewoon om net die broccolikop te gebruik, maar daar voeg die vroue waarde tot die blare wat ons sou weggooi. Ek wil net beklemtoon dat die produk wat ons vir mense verpak goeie gehalte is. Ek vat altyd eers die verpakte produk huis toe voor ons dit uitstuur. Ek moet dit ook kan eet. Dit is nie asof ons vir die mense gemorskos gee nie,” benadruk Cillié.

Hy sê dat hulle baie dankbaar is om die fasiliteite te hê om die voorsiening, verpakking en die vervoer van die kospakkies moontlik te maak.

Cillié se geloof speel ’n fundamentele rol in sy boerdery en die noodsaak in sy hart om vir ander te gee. “Ek is ’n gelowige en ek is ’n produk van my Skepper. Ek glo dat Hy elkeen van ons toegerus het om ons deel te doen. As geleentheid soos dié krisistyd oor ’n mens se pad kom, moet jy nie sê dit is te veel moeite



Cillié nooi alle boere in sy kontrei uit om deel van dié omgee-netwerk te word. Indien boere produkte wil skenk vir die kospakkies of ander belangstellendes donasies wil maak, kontak groente@cillie.co.za. *Kerkbode* stel belang in stories soos hierdie. Stuur gerus vir ons ’n wenk of voorstel uit jou gemeente na kerkbode@tydskrifte.co.za

Foto: Anelia Cillié

nie,” sê hy. Cillié sê die kosboksieprojek is ’n opdrag van God. Hy weet die dryf van hierdie projek is wat hy nou moet doen. Hy erken dat hy moeg is en soms voel asof hy nie meer energie het nie, maar God gee vir hom die krag om te doen wat hy moet doen om te help.

Cillié sê hulle het al onder kritiek deurgeloopt omdat hulle net op sekere plekke help. Maar hy sê hulle het besluit

om liever êrens ’n klein vaalkol van hulp te maak as wat hulle nêrens ’n verskil maak nie. Hy is baie bekommerd oor die nood in Suid-Afrika: “Die nood is werklik groot. Veral na die stedelike gebiede toe. Ek dink die nood is baie groter as wat ons besef. Almal praat daarvoor, maar voor jy nie begin betrokke raak nie, besef jy nie hoe groot die nood werklik is nie,” sê Cillié.

#Blacklivesmatter ... ook in Suid-Afrika

Die toenemende rassspanning in die VSA vra vir gebed en solidariteit – ook van Suid-Afrikaners, het ’n NG gemeente in Johannesburg onlangs gesê.

“We can only respond prayerfully to these troubling events as South Africans, from our perspective, with our own history of racism and the struggle for the acknowledgement of all people’s God-given dignity and precious humanity,” lui ’n verklaring wat die kerkraad van Andrew Murray-gemeente op 2 Junie uitgereik het.

As Christelike geloofsgemeenskap

verbind die gemeente hulleself daartoe om geleentheid te skep vir mense van verskillende agtergronde om dialoog en “ongefilterde gesprek” te voer oor ’n verskeidenheid van onderwerpe wat mense se lewensgehalte raak,” volgens die gemeente waarby **ds Rudi Swanepoel (regs)** as leraar verbonde is.

Grootskaalse geweld het in verskeie deelstate van Amerika uitgebreek nadat die 46-jarige George Floyd van Minneapolis gesterf het terwyl lede van die polisie hom in



hegtenis geneem het en die intussen geskorste Derek Chauvin deur ’n omstander verfilm is terwyl hy sy knie op

Floyd se nek gedruk het. #Blacklivesmatter is die hutsmerk wat as vaandel vir hierdie optogte dien. ’n Aandklokreeël is in ten minste 40 Amerikaanse stede ingestel om die gewelddadige protesaksies in die kiem te smoor, het die BBC op 3 Junie berig.

Die onluste is aangevuur nadat president Donald Trump voor die Episkopale Kerk St John in Washing-

ton oorkant die Withuis, met ’n Bybel omhoog, in ’n toespraak die anti-rassistiese betogings sterk gekritiseer het, volgens die BBC. Hoewel Trump wel wye ondersteuning vanuit sy ondersteunersbasis gekry het, is hy vanuit vele godsdienstige kringe gekritiseer vir sy optrede. Eerwaarde Gini Gerbasi, ’n Episkopale priester, sê die polisie het traangas gebruik om haar en ander van die St John-kerk te verwilder. Sy sê Trump het die heilige grond van die kerk in ’n oorlogsveld verander, volgens ’n berig in *The Guardian*. – **Jacobie M Helena**

BYBEL

BM

Bybel-Media

BOU

BLOKKE

Maak 'n impak – bou die toekoms met Bybel-Media se BybelBouBlok-projek

Vir slegs
R50
per maand
bou jy saam
aan die
toekoms.

Ons is afhanklik van jou om 'n verskil te maak!

Bybel-Media wil in hierdie moeilike tye 'n simboliese bouprojek aanpak. Ons vra dat 20 000 Christene elke maand **BybelBouBlokke** by Bybel-Media koop.

Dit beteken ons ondersteuners sal kinders, jongmense en volwasse gelowiges seën deur 'n maandelikse bydrae van **R50 per boublok**.

Só kan jy ons BybelBouBlok-projek steun:

- Maak 'n bydrae van R50 per maand.
- Help ons om nog ondersteuners te werf deur hierdie boodskap met jou vriende en familie te deel en só hierdie projek namens Bybel-Media te bevorder.

Besoek www.boublokke.bybelmedia.org.za om jou BouBlok(ke) te skenk.

- Betalings met debiet- of kredietkaart is welkom.
- 'n Maandelikse aftrekorder kan afgelaai word.
- Vir 'n elektroniese oorplasing gebruik gerus ons bankbesonderhede hieronder.

Pleidooi uit 'hotspot': moenie eredienste hervat

“G een gemeente kan op hierdie stadium die veiligheid van lidmate waarborg nie en nog minder weet gemeentes wat die regspraak sal wees, indien 'n lidmaat die virus by die kerk sou opdoen,” lui een van die punte in 'n verklaring wat deur een van die NG Kerk se tien streeksinodes uitgereik is te midde van die algehele verbod op godsdienstige saamtrekke wat vandeemaand oopgehef is.

“Omdat ons ons naaste so liefhet soos onself en ons opofferinge maak ter wille van die groter groep, versoek (leierskap) dat kerkrade en gemeentes van Goudland Sinode nie hulle eredienste op Vlak 3-inperking, oopstel na 1 Junie nie,” lui die verklaring deur ds Johan Brink, voorsitter van Goudland.

“Ons versoek almal om gedurende Vlak 3-inperking hulle eredienste gesluit te hou ter wille van die moontlike uitbraak van die Covid 19-pandemie en die verspreiding van die virus.” Goudlandse leiers wys op alternatiewe tot die voorgestelde hervatting van eredienste met 'n maksimum van 50 mense per lokaal. Laasgenoemde is van die voorwaardes wat danksy bedinging deur onder meer die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) bewerkstellig is.

“Gemeentes word aangemoedig om op die uitkyk te wees vir ander maniere van kerkwees soos byvoorbeeld deur hulle kerkgebou deur die week oop te laat vir mense om in stilte en afsondering en gebed met God Drie-enig besig te wees, natuurlik met die nakom van al die voorsorgmaatreëls. Dat lidmate

doelbewus sal uitreik na mede-lidmate en alle mense in hulle onmiddellike omgewing, veral ook enkellopers en bejaardes en hulle met liefde en deernis sal dien.”

Brink noem ook dat Johannesburg sowel as “die hele Wes-Rand-distrik as sogenaamde ‘hotspots’ geïdentifiseer is, wat beteken dat die verspreiding van die koronavirus daar hoog is en 'n groot deel van Goudland Sinode ressorteer onder hierdie areas,” skryf Brink in die verklaring wat op 30 Mei uitgereik is.

Kerkbode het verlede week berig dat ook die SARK walgegooi het teen 'n grootskaalse hervatting van eredienste hierdie Sondag. “In 'n laat verklaring het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke sy lidkerke aanbeveel om, indien hulle kerklike byeenkomste sou wou oor-

weeg, sowat vier tot 12 weke te neem om behoorlik gereed te maak,” het dr Gustav Claassen op Vrydag 29 Mei gesê.

“Die rede is om seker te maak dat met al die nodige voorskrifte en protokol in plek, kerklike byeenkomste veilig sal begin,” volgens die Algemene Sekretaris van die NG Kerk. “Dit sou beteken dat die eerste byeenkomste eers teen die vroegste 28 Junie sou kon begin indien 'n gemeente aan al die voorkomingsmaatreëls kan voldoen,” volgens Claassen.

Ds Nelis Janse van Rensburg, moderator van die Algemene Sinode, het in dieselfde week aan *Kerkbode* gesê “Dit is nie so eenvoudig om te sê 50 mense kan nou maar oral vergader nie ... daar is plekke waar groepe van 50 nie moet vergader nie.”

Kerktoeringbewoners bied leraar teken van hoop

Die 50 dae vanaf Opstandingsondag op 12 April 2020 tot en met Pinksterondag op 31 Mei 2020, het vir hom nuwe betekenis gekry in die dophou van 'n klompie Nonnetjie-uiltjies in Blancogemeente, George se kerktoering, vertel FRANCOIS MULDER.

Die grendelstaat het natuurlik gemaak dat die meeste van ons in hierdie vreemde tyd met nuwe

oë na mekaar en die natuur om ons kyk. Dáárom was die ontdekking van 'n Nonnetjie-uil met haar vyf eiers in die kerktoering op Paasfees vir my 'n besondere teken van hoop en nuwe lewe in 'n tyd van wêreldwye vrees en dood as gevolg van die pandemie.

Ons deel op sosiale media die nuus van die kerktoering-uiltjies en op 3 Mei roep ons 'n doopname-kompetisie in die gemeente uit. Ons ontvang terug-

voer van meer as 50 mense. My matriekdogter, 'n uilliefhebber, dring aan op Hedwig vir die ma-uil na aanleiding van die Harry Potter-boeke. Oubouet-uil word vernoem na Winston Churchill en het **Winston Churchowl**.

As “peetpa” van die uiltjies besoek ek hulle elke Sondagoggend net voordat ek die kerkklokke om 10:00 lui. Op Pinksterondag word die uile deur die Garden Route Birds of Prey Rehab Centre op ons versoek uit die kerktoering na 'n uilboks teen 'n boom op die kerkgronde verskuif. Soos die uile gedwonge die veiligheid van die kerktoering en later vrywillig dié van die uilboks gaan verlaat, verlaat gelowiges (onder normale omstandighede) week na week die voorheen veilige ruimte van 'n kerkgebou om met die krag van die Heilige Gees die vreemde en uitdagende wêreld daar buite te trotseer. Dit is tyd vir die kerk van Jesus Christus om haar vlerke te spreid, die nes te verlaat en te vlieg met die wete: Die graf is leeg, die oorwinning is deur Jesus Christus behaal en die Gees van Pinksterondag bekragt ons om in hierdie tyd die boodskap van hoop en nuwe lewe te bring.

► Ds Francois Mulder is een van drie leraars by NG Kerk Blanco op George.



Blancogemeente se kerktoering-uiltjies in hulle nuwe uilboks-huisie.

Foto verskaf

Konferensie op Potch skuif na 2021

Ter viering van die 200-jarige bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika, sowel as 'n vooruitskouing vir die bekendstelling van *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* in November 2020, het die Teologiese Skool Potchefstroom in samewerking met die Fakulteit Teologie van die NWU 'n akademiese konferensie beplan met die tema “Die impak van die Bybel in ons sameleving: verlede, hede en toekoms”.

In die lig van die risiko's en inperkingsregulasies rondom Covid-19 moes die organiseerders egter herbesin oor wanneer die saamtrek kan plaasvind. “Op hierdie stadium lyk dit baie onwaarskynlik dat ons op die beplande datum van 23-24 Julie 2020, 'n fisiese konferensie sal kan en mag aanbied,” luidens 'n verklaring deur die Teologiese Skool Potchefstroom. “Een oorweging was om voort te gaan met die datum en die konferensie dan virtueel aan te bied. Uiteraard gaan heelwat dinamiek met so 'n tipe konferensie verlore. In die lig hiervan het ons besluit om die datum van die konferensie tot vroeg aanstaande jaar te verskuif, na 28-29 Januarie 2021, met die verwagting dat ons teen daardie tyd 'n fisiese konferensie sal kan aanbied.

• Registrasie tot 18 Januarie 2021. Elsabe Labuschagne kan by elsabe.labuschagne@nwu.ac.za gekontak word.

**Besoek gerus kerkbode.co.za vir die jongste nuus.
Die volgende Kerkbode verskyn op 17 Julie 2020.**

Dankbaarheid én kommer met dienste wat hervat

JACOBIE M HELENA

Die was nie een kerk of godsdiensgroepering wat die regering laat besluit het om die verbod op eredienste voorwaardelik vanaf 1 Junie te lig nie. Dit was 'n soort groepsbedinging, as 'n mens luister na president Cyril Ramaphosa, wat vroeg-aand op 26 Mei aangekondig het dat saamtrekke van minder as 50 mense onder streng maatreëls tydens Vlak 3 mag hervat.

Maar nou is kommer oor hierdie stap eweneens nie beperk tot een of twee stemme uit geloofsgeledere nie. Die bepaling dat daar eersdaags weer kerk gehou mag word en saam aanbid mag word te midde van die Covid-19-pandemie is vandeeweke gekritiseer – ook vanuit kerkkringe. “Bewyse van groepe in ander wêrelddele dui daarop dat daar selfs op aanbiddingsplekke waar streng

maatreëls vir sosiale distansiëring gehandhaaf is, bronne van infeksie was,” luidens 'n verklaring deur die Jesuïete-Instituut van die Katolieke Kerk in Suid-Afrika.

Die groepering sê dat die regering 'n gemengde boodskap uitstuur. “Terwyl die verbod op besoeke aan vriende en familie in plek bly, lyk dit nie logies dat mense in aanbiddingsplekke wel kan vergader nie.”

Ook leraar Peter Victor, predikant in die Sewendedag Adventiste Kerk, vraagteken die jongste verwickeling en wonder of dit wys is om met die aanvang van die winterseisoen weer kerklike byeenkomste toe te laat.

Dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, het gesê die verantwoordelikheid wat op kerkleiers se skouers rus, is nou baie groot. “Die belangrike boodskap wat van die kerke

se kant moet deurkom, is dat ons agente van hoop wil wees, nie draers van die virus nie. So ons neem die verantwoordelikheid om so goed soos wat ons kan ons mense te beskerm – die lewe te beskerm.”

Ramaphosa het ook 'n nasionale dag van gebed aangekondig vir 31 Mei. Daarby het hy meer helderheid verskaf oor godsdienswerkers se “status” in die sogenaamde voorste linies van sorg, waar soveel van hulle waardevolle maatskaplike werk en geestelike ondersteuningswerk verrig. Victor sê dat hy dankbaar is om nou as 'n essensiële werker beskou te word sodat hy meer kan rondbeweeg om lidmate pastoraal te kan ondersteun.

Ds Bonganjalo Mbenenge, predikant van die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika Thembaletu by George, sê dat die nuwe

maatreëls met groot versigtigheid hanteer moet word. Hulle gaan as gemeente en breër gemeenskap, wat die polisie, maatskaplike werkers, gesondheidswerkers en munisipaliteit insluit, eers twee weke neem om die praktiese implikasies van die president se aankondiging te bespreek. “Dit is belangrik om te onthou dat die hoogtepunt van die virus eers in Augustus en September verwag word. Al die kompleksiteite móét in ag geneem word. As ons te veel te vinnig toelaat en die kerk dra by tot die verspreiding van die virus, gaan kerkwees trauma en vrees by kerkgangers ontlok.” Mbenenge sê dat daar streng leierskap in swart gemeenskappe nodig is en dat hy bekommerd is oor die Afrika Onafhanklike Kerke se hantering van die aankondiging omdat hulle nie deur 'n sentrale raad beheer word nie.

Oud-moderator met demensie herleef sy bevestiging

GERDRIE VAN DER MERWE

Die Pierre Jordaan (80) is 'n bekende en geliefde kerkman wat diep spore in die NG Kerk getrap het. Hy en sy vrou Nilla woon in 'n aftreeoord op Reebok naby Groot-Brakrivier. Voor sy emeritaat in 2000 was hy leraar in die gemeentes Burgerspark, George, Stellenbosch-Sentraal en Newtonpark. Ds Pierre was ook moderator van die Sinode in Oos-Kaapland, waar hy groot werk verrig het. Met sy stille invloed as belese en Bybelse teoloog, gee hy met wysheid leiding en raak hy mense aan met sy kenmerkende nederigheid. Hy en Nilla is omgeëense en diensbaar op voetsoolvlak. Hulle verstaan die kuns om die gawes wat die Here hulle gegee het, in leefdade om te sit in koninkryksbelang.

Ds Pierre ly tans aan progressiewe demensie, 'n toestand wat sy sinvolle lewe en vreugde wegkalwe weens degenerasie van breinweefsel. Hierdie hoogs begaafde leraar ervaar 'n moeisame en opdraande stryd, wat Nilla raak beskryf as 'n rubberstempel sonder ink. In hierdie skaduwee moet hulle die werklikheid hanteer, wat geweldige eise aan Nilla stel. Sy is oral bekend as die kort en wakker vrouwtjie, wat met haar vrolike lag en humor, die seer-angel uit mense se leefwêreld haal. Sy is die asemhaling wat haar man Pierre sinvol laat leef.

Prop Pierre Jordaan is einde 1965 op Stellenbosch gelegitimeer. Hy word op 4 Februarie 1966 bevestig as leraar van die NG Gemeente Burgerspark in Pretoria, met dr DW de Villiers (later professor in Praktiese Teologie by US), ds

HA Lombard (later professor in Nuwe Testament aan Unisa) en ds OSH Raubenheimer (later skriba van die kuratorium aan die US) as medeleraars. Dit was 'n besondere begin in die hart van Pretoria, die Jakarandastad.

In die lente van 2018, het Pierre een middag teenoor sy vrou Nilla opgemerk dat hy nie meer predikant van die NG Kerk is nie, want hy is geskors. Sy het hom herinner aan sy mooi pad in die bediening en dat hy steeds 'n gerespekteerde predikant is. Hy kon niks onthou van sy bevestiging in Burgerspark nie en het volgehou dat hy geskors is, met 'n stuk hartseer en 'n verterende skuldgevoel. Nilla en sy kollegas in die bediening kon hom nie tot ander insigte bring nie.

Na die dood van hulle dogter Ilse op 11 Mei 2019, neem hulle van haar afskeid in die NG Moederkerk Swellendam, voor die kansel waar oupa ds Kosie Gericke die Woord bedien het en Nilla as jong dogtertjie gespeel het. Hierdie krisis het ds Pierre Jordaan se agteruitgang verhaas en die gedagte versterk dat hy nie meer predikantstatus het nie, wat meegewerk het dat die verwardheid versteewig geanker het in sy brose gemoed.

Nilla kom toe met 'n plan van aksie: Pierre moet sy bevestiging weer fisies ervaar en beleef. Na gesprekke is dr Gerdrie van der Merwe se persoonlike kapel by sy boekhuis Merwesrus by Reebok, die antwoord. Die huiskerkie langs die biblioteek met meer as 50 000 boeke, kerkhistoriese foto's teen die mure en kluisse vol dokumente, sou die regte atmosfeer skep vir die geleentheid om Pierre 'n houvas te gee op sy verlede in die NG Kerk.

Op Sondag 5 Januarie 2020 neem ds Pierre Jordaan sy plek in voor die geelhout preekstoel en kerkbanke, met Gerdrie op die preekstoel. Hy herformuleer ds Pierre Jordaan se intrepreek van 1966 in Burgerspark, met passievolle oortuiging. Hy lees die ou formulier van die NG Kerk in Transvaal, met die vroeë waarop prop Pierre Jordaan na 53 jaar, weer hardop “ja” antwoord. Dr Gerdrie klee die situasie so in dat dit net 'n herbevestiging en viering is van sy bevestiging op 4 Februarie 1966 in Pretoria. Nadat hy met oorgawe daarop geantwoord het, beleef ons die unieke teenwoordigheid van die Here, 'n intieme oomblik voor die kansel, gemaak van eeu-oue geelhout uit Knysna. Prof EP Groenewald se toga, wat permanent in die huiskerkie hang, word deur Nilla om haar man Pierre se skouers gehang. So vind 'n dankbare viering plaas, 'n herinneringstog na vyf dekades van diensbaarheid in die NG Kerk.

Die lig wat die Sondag geskyn het deur gekleurde glasventers, het die vreugde vasgevang wat toe opnuut in ds Pierre se hart leef. Nilla hou die fotoalbum van die bevestiging binne reikafstand, wat haar man Pierre elke keer herinner aan sy herbevestiging in Merwesrus se kapel waar 'n mens die geraas van die branders kan hoor. So beleef 'n oud-moderator met demensie, sy bevestiging uit 'n hart wat glimlag.

Demensie en Alzheimer is 'n skaduwee-siekte, maar dit gee aan ds Pierre en Nilla Jordaan die geleentheid om met berustende gelatenheid te leef, maar om steeds vas te hou aan die Hemelse Vader se versorgende hand.



'Hierdie apps dra my deur grendeltyd'

Moira Etsebeth (26), honneursstudent in sielkunde aan Unisa

"Ek is mal oor **Pinterest**, 'n app waarop allerlei foto's, prentjies en idees uitgeruil word. Ek soek gewoonlik nuwe resepte daarop omdat ek mal is oor kosmaak. Ek maak elke dag kos waarvan ek die resepte omtrent almal op Pinterest gekry het. Ek probeer allerhande nuwe *fancy* disse, want 'n mens raak maar verveeld vir dieselfde kos oor en oor. Ek hou ook daarvan om te bak, veral nou tydens lockdown is daar meer tyd daarvoor. Ek het al so baie koekies gebak!

"En dan **Mr Delivery** vir die dae wat ek wel nie lus is vir kosmaak nie! Nou dat ons mag kitskos koop tydens Vlak 3 van die inperking het ek beslis hierdie app al meer begin gebruik. Ek dink ook dit is goed om plaaslike restaurante gedurende hierdie moeilike tye te ondersteun waar 'n mens kan.

"Ek gebruik ook die oefen app **SWEAT**, waarop ek oefenprogramme van die bekende Australiese fiksheidsinstruktrise Kayla Itsines volg. Hulle het nou oefenprogramme waar hulle meer fokus op oefeninge wat jy by die huis kan doen met min *gym* toerusting, so dit is perfek vir lockdown terwyl 'n mens nie na die *gym* toe kan gaan nie. In die oggende tussen 6 uur en 9 uur gaan stap ek dus en dan daarna doen ek 'n paar van die oefeninge sodat ek my dag op die regte noot kan begin."

Watter slimfoontoepassings gebruik jy om jou deur ure se inperking te kry? Hetsy om produktief te wees, verveeldheid hok te slaan of geestelik te groei. MARLI VAN EEDEN het 'n paar jongmense gaan vra.

Reinhart Buenk (27), ingenieur

"Tydens die inperking het ek nogal baie die app **LinkedIn** begin gebruik wat op die beroepswêreld gefokus is. Dié app help my om in aanraking te bly met wat in die beroepswêreld aangaan. Dit is ook lekker om nou my CV aanlyn op datum te kry terwyl ek meer tyd op hande het. Ek doen ook aanvullende kursusse in my veld om my vaardighede op te skerp terwyl dinge by die werk op die oomblik stiller is as gevolg van die inperking. Sodoende voel dit vir my ek benut my tyd produktief.

"Ek hou ook van die **Bible App** omdat dit nie net die Bybel vir 'n mens aanlyn met die klik van 'n knoppie bied nie, maar ook handige Bybelleesplanne het om te volg. Hierdie Bybelplanne help my om Bybelstudie te doen terwyl 'n mens nie tans in selgroepies bymekaar mag kom nie."

Leo Cordon (21), honneursstudent in joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch

"Die app wat ek seker die meeste op die oomblik gebruik is **NetNuus**. Verder geniet ek dit om sosiale media apps soos **Facebook**, **Twitter** en **Instagram** te gebruik omdat dit my die geleentheid bied om te sien wat in al my klasmaats se lewe aangaan en met hulle te *connect* nou dat ek hulle nie in persoon kan sien nie. Dié apps bied vir my 'n geleentheid om vir 'n oomblik te ontsnap van die realiteit wat ons tans in die gesig staar omdat dit soms oorweldigend kan raak.

"Ek is mal oor **TikTok**, ek dink dis beslis een van die nuutste giere onder die jeug! TikTok is basies 'n app waarop jy kort video's deel, enigiets van video's waar jy 'n dansie doen, video's waarop jy saam met liedjies *lip sync* of *karaoke*, of selfs snaakse video's soos video's waar jy iemand 'n poets bak. Dis lekker om te sien waarmee almal opkom, of om jou eie video's te maak. Die app bied ure se vermaak as 'n mens verveeld is."

Marguerite Wolfaardt (24), sosiale media-bestuurder en joga-instruktrise

"Ek is mal oor **DuoLingo**, 'n app wat 'n mens kan gebruik om 'n nuwe taal aan te leer. Ek is tans besig om Spaans te leer omdat ek nou meer tyd omdat ek nou meer tyd tot my beskikking het gedurende *lockdown*. Die app is ongelooflik, daar is soveel verskillende tale om van te kies – selfs inheemse tale van Hawaii wat besig is om uit te sterf.

"Ek het my joga-opleidingskursus voltooi en bied graag jogaklasse aan, maar aangesien ek nie op die oomblik jogaklasse in persoon kan aanbied nie, gebruik ek die *conference call app* **Zoom** daarvoor. Soos wat mense dit vir vergaderings gebruik, so gebruik ek dit om aanlyn jogaklasse aan te bied waar almal wat die klas bywoon dan van hulle huis af inskakel.

"Ek hou ook nogal van **TikTok**, dis lekker om jou *niche* te vind en dan kreatiewe videos te maak.

"En **Houseparty** is lekker om met jou vriende op te vang en 'bordspeletjies' te speel gedurende hierdie tyd."

Wilné van Rooyen (21), honneursstudent in joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch

"My *go-to app* is **Spotify**, 'n app waarop 'n mens musiek en *podcasts* kan luister. Ek is mal oor musiek en gebruik hierdie app omtrent 24/7. Wanneer ek 'n studiebreuk neem, gaan ek dadelik op Spotify en snuffel vir liedjies of groepe wat ek nog nie ken nie, ek noem dit somer 'navorsing'. Spotify gooi jou musiek saam in *playlists* volgens die tipe musiek wat jy gewoonlik na luister, so op dié manier ontdek jy nog meer musiek wat jy dalk nie ken nie. Ek weet nie hoe ek *lockdown* sou oorleef sonder Spotify nie. As dit nie daarvoor was nie sou ek lankal my kop verloor het!

"Ek het ook **Pinterest** onlangs meer begin gebruik. Partykeer is daar regtig inspirerende aanhalings daarop waarvan ek hou en dit sit my somer in 'n goeie bui vir die dag. Dit is vir my ontspannend om die app te gebruik en lekker om die prentjies waarvan jy hou in kategorieë te groepeer en om later dan weer deur alles te kyk. Ek gebruik Pinterest ook wanneer ek teken, want ek soek inspirasie en idees daarop.

"Ek gebruik ook **Tumblr**, wat soortgelyk is aan Pinterest, om inspirasie en idees te versamel vir projekte wat ek wil aanpak."

Nienke Osborne (24), meesterstudent in geskiedenis aan die Universiteit Stellenbosch



"Ek het die app **Tasty** afgelaai en is versot daarop. Dit is basies 'n app wat vir jou leer kosmaak van *scratch* af, so dis perfek vir iemand soos ek wat absoluut niks weet van kosmaak nie. Hulle neem jou stap-vir-stap deur alles, gee vir jou die inkooplysie, en daar is selfs video's van hoe om die disse te maak. Dit maak die lewe baie maklik."

"Dan het ek ook **Mr Delivery** en **Uber Eats** gebruik vir daai dae wat 'n mens net lus is vir wegneemetes – soms is 'n mens net doodeenvoudig té lus vir daai pizza, burger of sushi!"

"**Wattpad** is ook 'n lekker app waarop ek afgekom het. Dit is 'n app waarop aspirant-skrywers stories publiseer en 'n mens dit dan kan lees. Ek is mal oor lees, so hierdie app is beslis een van my gunsteling. Dit is ook 'n goeie platform vir skrywers om hulle werk onder die oë van uitgewers te kry en sodoende die kans te kry om hulle werk gepubliseer te kry.

"En dan die *dating app* **Tinder**! Want dit is darem een manier om nuwe mense te 'ontmoet' gedurende *lockdown*! Dis nogal *entertaining*, party mense stuur *terrible pick-up lines* en 'n mens kan daarom nie anders as om te lag nie. Jy hoef ook nie noodwendig die app te gebruik vir 'dating' doeleindes nie, dis net 'n lekker manier om mense te ontmoet. Jy kan dit duidelik maak op jou profiel dat jy slegs geïnteresseerd is daarin om nuwe mense te ontmoet en nie noodwendig 'n pasmaat nie. Dis regtig pret en sorg vir baie vermaak."

Foto: Jenna Lemmer



'Ons probleem'

Stede brand in die VSA. Gesigte vertrek van woede in protes. En, soos die slagspreuk #BlackLives-Matter duidelik maak, is die brandpunt 'n universele een: rassisme. Dit is nie beperk tot die stad Minneapolis of tot die skokkende dood van George Floyd nie. Terwyl gebare van solidariteit reeds die oseaan tot in Engeland gekruis het, het die aartsbiskop van Kantelberg, Justin Welby, aan volgelinge gesê: "I pray that those of us who are white Christians repent of our own prejudices, and do the urgent work of becoming better allies to our brothers and sisters of colour." Welby het via Twitter sy steun gegee aan die woorde van nog 'n kerkleier in die Verenigde Koninkryk, wat in 'n video-boodskap 'n historiese perspektief op gebeure geplaas het: "Ons geloof dwing ons om onregverdigheid teen te staan. Soms ten koste van onself," het pastoor Agu Irukwu gesê. "Die stilte van die kerk in Duitsland gedurende die Joodse volksmoord, die stilte vanuit dele van die kerk gedurende die bouse jare van apartheid is moderne voorbeelde van hoe die bouse en ongeregtigheid floreer wanneer goeie mense nie hulle stem lug nie. Ek is 'n Christen, dit is my probleem – dit is óns probleem."

Daardie "ons probleem" – die weier om weg te kyk – is ook Welby se boodskap; een wat tot hier in Suid-Afrika weerklink terwyl ons na TV-beelde kyk van skokgranate en traangas in die strate van Amerikaanse stede.



NUWE
stemme

MARILEEN STEYN

Ek dink deesdae baie aan Tom Long (2016) se bekende metafoor van die prediker as getuie. Long skryf oor metafore vir die prediker: die prediker as pastor, as digter, as bode. Hy stel voor dat predikante getuies moet wees: die mens wat bloot getuig van dit wat hy of sy gesien en beleef het. Ons spreek nie die direkte woorde van God af nie. Ons is nie die enkele bronne van gesag wanneer dit kom by God se boodskap vir hierdie wêreld nie, maar ons word opgelei om te kyk, om te onderskei en om sodoende getuies te wees.



Duisende gelowiges het op Sondag 31 Mei om 18:30 nie voor die kansel of die kassie ingeskuif om deel te neem aan 'n nasionale dag van gebed vir die Koronapandemie nie, maar voor die selfoon of rekenaar. 'n Erediensuitsending wat deelnemers van regoor die land verbind het, is via YouTube uitgesaai waar dit steeds beskikbaar is en teen 3 Junie al meer as 10 000 keer gekyk is. Kerkleiers uit alle streeksinodes van die NG Kerk het deelgeneem aan die virtuele samekoms. Ds Dirkie van der Spuy, foto hierbo, was een van die deelnemers, asook dr André Bartlett, wat 'n pastorale gebed voorgelees het wat ons hieronder publiseer. Die diens is deur ds Nelis Janse van Rensburg gelei en het 40 minute geduur.

Pastorale gebed

In this time of Covid-19, we pray:
When we aren't sure, God,
help us be calm;
when information comes
from all sides, correct and not,
help us to discern;
when fear makes it hard to breathe,
and anxiety seems to be the order of the day,
slow us down, God;
help us to reach out with our hearts,
when we can't touch with our hands;
help us to be socially connected,
when we have to be socially distant;
help us to love as perfectly as we can,
knowing that "perfect love casts out all fear".

For the doctors, we pray,
for the nurses, we pray,
for the technicians and the janitors and the
aides and the caregivers, we pray,
for the researchers and theorists,
the epidemiologists and investigators,
for those who are sick,
and those who are grieving, we pray,
for all who are affected,
all around the world ...
we pray

for safety,
for health,
for wholeness.

May we feed the hungry,
give drink to the thirsty,
clothe the naked and house those without homes;
may we walk with those who feel they are alone,
and may we do all that we can to heal the sick –
in spite of the epidemic,
in spite of the fear.

Help us, O God,
that we might help each other.

In the love of the Creator,
in the name of the Healer,
in the life of the Holy Spirit that is in all and with all,
we pray.

May it be so.

A prayer during times of Covid-19 by the Right Rev Richard Bott, originally posted on Facebook. Moderator Bott encourages the sharing of prayers he posts throughout his term.

March 13, 2020

'n Ander tipe getuie

Ek kan nie anders as om myself af te vra wat dit in die tyd van Covid-19 beteken nie. Ek hoor preke van boodskappers wat verkondig dat hierdie gebeure God se straf is. Ek hoor preke en lees artikels wat die mooi van God se evangelie in gesprek met hierdie ongekende konteks bring. Ek self voel die behoefte, nes baie rondom my, om as pastor op te tree. En ek glo met goeie rede: Die mensdom is immers besig om deur kollektiewe en individuele krisisse en trauma te beweeg.

Ek moet egter bely dat die stem wat tans vir my verreweg die moeilikste is

om na te luister, die stem van my kollega is wat as getuies optree wat net die positiewe verkondig. Moet my nie verkeerd verstaan nie. Deels is my frustrasie gewortel in 'n bewondering dat mense dit in hierdie tyd regkry om so positief te dink. Maar ek besef ook dat my frustrasie lê in die feit dat ek in 'n ander fase van die getuieproses is.

Volgens my verstaan bestaan die rol van getuie-wees uit drie dele, waarvan die oorvertel van die gebeure maar die laaste deel is. Die eerste deel is natuurlik om die gebeurtenis te aanskou, raak te sien, maar elkeen van ons wat al iets

groots, iets afgrysligs, iets traumaties aanskou het, weet dat daar 'n tweede deel is. Dit is die oomblik wat jou asem weggeslaan word, wat jy dit wat jy aanskou in jou lyf voel. Die tweede deel verander die derde deel onherroepelik. Dit verander die manier waarop jy die gebeure oorvertel en dit verander die inhoud van wat jy vertel.

Ek bevraagteken ons behoefte om te spring na deel drie. Ek bevraagteken die stemme rondom my wat sonder veel emosie net van die positiewe praat. As ek eerlik moet wees, bevraagteken ek of dit ook 'n strategie is om die uitdagings



Toekomsdrome

NELIS JANSE VAN RENSBURG

“Dit is al ’n cliché om te sê die Covid-19-pandemie het ons ganse bestaan kom ontwig. Ook om te praat van die “nuwe normaal” klink soos geykte taal. Hoe vinnig hét ons lewe, taal en toekomsverwagtinge nie verander nie?”

Maar wat en hoe gaan die nuwe normaal wees? Ek wens ek het geweet, maar helaas is alles nog net te onbekend en te onseker om selfs die nabye toekoms te voorspel. Maar ek dink ons kan tog begin hoop en droom oor die nuwe normaal. Dit kan ons help om te midde van die onsekerhede wat ons tans beleef, te begin rigting vind. My eerste drome lyk min of meer so:

1. Ek droom dat ons die globale beweging van “ek” na “ons” wat tydens die pandemie ontstaan het, sal kan voortsit. Covid-19 het ons geleer hoe lotsverbonden ons wêreldwyd is. Die nuwe normaal kan wees dat ons verstaan dat daar baie groter blokke van saamstaan in die wêreldedekonomie en -politiek en in ons land en gemeenskappe kan ontstaan – let wel, nie magsblokke nie, maar kwesbaarheidsblokke ... blokke van lotsverbondenheid.
2. Ek droom ook dat die nuwe normaal ’n ekologies vriendeliker wêreld sal wees. Ek droom dat ons minder van fossielbrandstowwe afhanklik sal wees. Dat die klein kykie in die glimlag van die natuur tydens die grendeltyd, soos ’n realiteitstoets almal sal aanspoor om skoon energiebronne ’n prioriteit vir ons toekoms te maak. Blouer lug en skoner riviere en oseane is immers ’n voorvereiste vir die voortbestaan van lewe na Covid-19. Ons sal die huidige tendense in die natuur eenvoudig moet omkeer en ons rol as bewaarders ernstiger moet neem.

3. Ek sien ook ’n nuwe slim-ekonomie ontwikkel waar groei deur groter verbruik nie meer die dryfkrag is nie, maar groei deur vindingryke gebruik. Sirkulêre nywerhede en ekonomiese modelle is ’n nuwe paradigma waarin voortdurende herverbruik ekonomiese kragte ontsluit wat lewe en werk vir die massas kan verseker (Google: *Circular economy*).
4. Ek droom ook dat toegang tot wifi toegevoeg sal word tot die lys van basiese menseregte. Met die vierde industriële rewolusie wat nou vir elkeen ’n werklikheid word, is toegang tot wifi vir elke potensieële student en werknemer ’n onverhandelbare vereiste. As jy digitaal kan leer en vaardighede ontwikkel, het jy ’n kans om toegang te kry tot werk, maak nie saak waarvandaan jy kom of waar jy woon nie.
5. Ek hoop ook dat lewenslange leer, en veral ook binne die kerklike konteks, nou deel sal word van elkeen se lewensreis. Met die ontploffing van digitale kursusse en leergeleenthede behoort geen mens op te hou leer nie. Al is dit om net weer nuwe vaardighede aan te leer vir die volgende fase van jou lewe. Ek hoop ook dat gelowiges die digitale platforms van die kerk toenemend sal benut om hulle geloofskennis uit te brei. Kategese kan nou ’n lewenslange reis word.
6. Ek hoop ook dat met ons gebruik van die digitale platforms ons nou sal tuiskom in ’n genetwerkte wêreld. Ons

kan immers nou deur digitale platforms met mense verhoudings in stand hou wat voorheen net nie moontlik was nie. Ons kan ook gelyktydig binne verskillende ekosisteme funksioneer. Ons kan dit doen vir besigheids- of ander organisatoriese doeleindes. Ons kan dit doen ter wille van medemenslikheid en samestellige leer. Ons kan byvoorbeeld nuwe soort boek- en besprekingsklubs stig, oor lang afstande. Ons kan ter wille van koinonia met ander gelowiges ons netwerke van Bybelstudie- en klein-groepe veel verder en wyer uitbrei.

7. Ek droom ook van nog ’n nuwe ekumeniese beweging in die wêreld, waar daar veral op plaaslike vlak interkerklike netwerke van sorg en omgee gebou sal word. As ons nie binne die breë Christelike geloofsgemeenskap netwerke gaan bou nie, gaan ons in afsondering net meer kwesbaar word. Daar is nêrens anders om te skuil as in die vertrouensverhoudings tussen gelowiges wat bereid is om in groter geloofsnetwerke saam te dien, versorg en beskerm nie. Nou, tydens die Covid-19-pandemie sien ons immers dat dit op dié plekke is waar daar gevestigde ekumeniese netwerke is, dat die hulp en diensbaarheid van die kerk die grootste getuienis lewer en impak maak.
8. Ek droom ook van ’n wêreld wat in die grendeltyd weer die waarde van familie besef het en daarop voortbou. Ek

droom van nuwe familiegewoontes van omgee, luister en opregte betrokkenheid by mekaar. Van kinders en kleinkinders wat daaglik kontak met hulle ouers en grootouers sal hê, deur digitale platforms en natuurlik waar dit moontlik is, ook fisies. Ek droom van digitale familiebyeenkomste oor die lengte en breedte van die wêreld. Maar ek droom eintlik van ’n verskuiwing in die waardestelsel van die wêreld. Dat die Covid-19-grendeltyd ons geleer het dat al ons verpligtinge en gejaag ons meestal beroof van ons kosbaarste bates, dié mense wat die Here in ons families en gesinne vir ons gegee het.

9. Ek sien ’n wêreld ontwikkel waar jou identiteit ten diepste gevorm sal word deur jou oortuigings en jou omgee en sorg vir ander, nie op grond van stereotipes en vooroordele nie. En nou wens ek sommer net wild – kan ons dalk ’n wêreld sien sonder rassisme, en sonder polisiebrutaliteit waarin die diepste vooroordele van mense geopenbaar word? En kan ons dalk ’n wêreld sien met respek vir lewe en menswaardigheid? Ek weet nie ...
10. Tydens Covid-19 help en versorg kerke mense soos wat ons lanklaas gesien het. Dit is inspirerend en getuig kragtiger as miljoene woorde. En ons hoor hoe die kerk weer beleef word as ’n bron van hoop en in sy priesterlike gestalte erken word as ’n onmisbare getuie van God se sorg. Ek sien ’n toekoms vir die kerk met minder interne stryde en meer liefde, meer omgee en baie meer geduld.

“**Ek dink ons kan tog begin hoop en droom oor die nuwe normaal.**”

Kan dit alles gebeur? Of sal dit net drome bly? Wel, binne die huidige omgewing van onsekerheid, gaan die sterkste drome dalk die beste kans op ’n suksesvolle uitkoms hê. So, laat ons droom!

► *Ds Nelis Janse van Rensburg is die voorsitter van die ASM.*

voor ons te hanteer. Ek bevraagteken ons angstigheid om weer die kerkgeboue op Sondae in te stroom sodat ons kan verkondig.

Dominees gesels mos maar onder mekaar en my gesprekke met baie predikante is insiggewend: die predikant wat verlam en getraumatiseer voel, maar nie voel asof enigiemand in sy ring die sentiment of ervaring deel nie. Die predikant waarvan daar verwag word om week na week ’n boodskap van hoop uit te dink as hulleself dit nog in hulle lewe probeer raaksien. Die predikant wat moeg is vir “perform” en kom-

peteer met die uitsette van ander gemeentes. Die predikant wat bang is dat gemeentede na ander gemeentes sal skuif as hulle nie genoeg doen nie. Ek het ook gesprekke met die predikant in die spieël wat erkentlik ook oorweldig voel.

Wat ek in hierdie gesprekke hoor, is ’n behoefte aan getuies, maar nie die getuies wat verkondig nie. Eerder net die getuies wat saam na hulle asem snak en stil staan voor die gebeure, dit in hulle lyf voel. Vroeg-vroeg het ek geleer dat Pastoraat 101 van my vra om vir ’n groot gedeelte van pastoraat net stil te bly. Om

die waarheid te sê, is dit van my ‘gunsteling’-oomblikke in pastoraat: wanneer beide van ons net stilbly en saam in die seer sit. Vanuit my diepste wese het ek die behoefte dat ons as predikante ook net stiller word en stiller staan, dat ons ons masker sal afhaal en broos voor mekaar staan. Kan ons nie getuies wees wat nog eers prosesseer nie?

Ek weet baie mense het ’n behoefte aan die verkondiging van hoop. Maar hoop kan ook net in lament lê. Ek word herinner aan die eerste keer dat ek werklik trauma ervaar het. Ek onthou hoe ek uit die gebou gestorm het en op

die grond neergeval het. Behalwe ek het nooit die grond getref nie. My broer se arms was reeds onder my. Ons het stilgebly. Ons het die persoon wat kom troos het, gevra om te loop. En in daardie oomblik het ek hoop gekry in die wete dat ek en my seer raakgesien, raakgevang word.

Ek herhaal: Ek beny en bewonder diegene wat al by deel drie trek, maar ek bid ook vir stemme wat weet dat die woorde “Ek ook” soms meer as genoeg is.

► *Ds Marileen Steyn is tentmakerleraar van NG Kerk Saldanha met ’n spesifieke fokus op jeugbediening.*

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom.



Kategese-uitstappie

Mana Wessels van Groenkloof Glen Aftreeoord in George skryf:

Ek stuur hierdie mooi foto van 'n klein groepie kinders wat saam met hulle leidster vir die eerste keer na baie weke weer 'n "kategeseklassie" kon bywoon. Gewapen met koffie en 'n eetdingetjie vir 'n koue maar tog 'n

mooi sonnige Sondagoggend in die Sewe Damme Bewarea in Heuwelsig, Bloemfontein, was daar groot vreugde om weer bymekaar te kon wees vir 'n mooi Bybelverhaal en om saam te gesels en saam te bid vir Suid-Afrika en al sy mense!

Foto: Verskaf

Kerk moes praat oor verbod op drank, tabak

Dr Johan van den Heever van Rondebosch skryf:

Daar is niks meer krimineel as wanneer jy 'n verslaafde se verslawing summier wegneem en die verslaafde nie op een of ander manier ondersteun nie. Jy sou dink dit is algemene kennis. Wat egter nie algemene kennis is nie, is sisteemdenke. Sisteemdenke is om die groter prentjie te kan verstaan. In kort behels sisteemdenke dat die geheel van die dele meer is as die som van die onderskeie dele. In sisteemdenke is daar nie altyd reglynige konklusies nie. Ons weet binne sisteemdenke dat indien jy drank of tabak summier weerhou van mense, daar gevolge kan wees wat jy nie voorsien nie. Die trok wat op die R334 uitgebrand word, het oënskynlik geen verband met die verbod op drank en tabak in hierdie dae nie, of het dit? Ons ministers verstaan duidelik nie sisteemdenke nie en openbaar dikwels 'n gebrek aan algemene kennis. Prof Thuli Madonsela het al op 'n keer gesê ons land kort leiers wat sisteemdenke verstaan.

In 'n artikel oor die totale verbod op alkohol in Amerika gedurende 1920-1933, is een van die gevolge die verlies aan werksgeleenthede omdat die drankbedryf in duie gestort het. Soos in enige sisteem is daar egter ook gevolge wat nooit voorspel of voorsien kon word nie.

Die onverdraagsaamheid van die zero-toleransie groepe het stukrag aan die Ku Klux Klan verleen. Howe was toenemend onder druk wat weer ander probleme veroorsaak het. Natuurlik, as gevolg van die gaping in die mark het smokkelhandel toegeneem. Selfs die Amerikaanse skeepvaartindustrie het swaar gekry. Die groot tragiek egter is die mense wat besef het hulle ly aan alkoholverslawing. Hulle is vir die wolwe gegooi.

'n Verwante artikel wat handel oor die verlaging van onveilige produkte in sigarette, kom onder andere tot die gevolgtrekking dat ander lande gewaarsku moet word om nie so 'n program te implementeer nie, juis omdat dit nêrens nog getoets is nie. "Medical and scientific research is one element of policy development, especially if done on representative samples, but it can be critical to see the impact of policies in the complex systems that are communities." Die skrywer verklaar verder dat daar meer kwaad uit die totale verbod op alkohol in die 1920's gekom het as goed en dieselfde implikasie geld wat tabak betref.

Nou is die vraag: Wat sou die rol van die kerk in hierdie situasie wees? Is dit regtig net om by die president te pleit dat ons weer eredienste kan hou? Dit sal seker vreemd klink indien die kerk sou vra dat hulle lankal reeds tabak- en drankverkope weer moes toelaat? (Of moes ons dalk gevra het dat alle suikerverkope gestaak word?)



RUBRIEK

Covid-19 en die Bybel

FRANCOIS SIEBERHAGEN

Dun swart letters genommer in kolomme op 'n spierwit binneblad

Die soekershart se paaie

lê oor die omgekrulde blaaië

Soveel hande soveel vingers se vat

Saaier saai die saad - ...

die lewende Woord uit God se mond.

Wanneer my lewe begin om kantlangs uit te rafel

gryp ek na die anker - die Bybel hier op die hoek van my tafel

Want verskuil in hierdie blaaië

deur al die eeue ongestoord

lê die bron van ons lewe in inkletterwoorde

Die lewensaar van God se Woord.

Met Saaier saai die Woord verwoord die bekende gospelsanger Piet Smit ons elkeen se emosies as hy bogenoemde woorde sing.

Op hierdie stadium van die Covid-19-pandemie, wat ontketen is deur die verspreiding van die Covid-19-virus, is daar ongekende onrustigheid en baie sterk gevoelens van frustrasie by mense as gevolg van die inperking. Dit is asof mense moeg gebombardeer is deur al die inligting. En nou is daar 'n ander wolf by die deur, hongersnood.

Dit is welbekend en goed gedokumenteer dat mense in tye van onsekerheid op soek is na vaste punte. Iets om aan vas te hou. Vir die Christengelowe was dit nog altyd sy geloof en sy omgang met die Bybel, soos Psalm 119:105 dit verwoord, wat daardie vaste punt is. Vir die gelowe was die geestelike voedsel nog altyd die aanvulling tot sy daaglikse brood. Die Bybel getuig hiervan.

In hierdie tyd van nood is daar talle kerke, gemeentes en Christenorganisasies wat uitreik na mense wat broodse-

brek ly. Dit is ontstellend om op ons televisieskerms en oral in die media, die groot hoeveelheid kospakkies te sien, uitepak en in gelid. Reg om versprei te word.

Daar word tans gereeld aan die spreekwoordelike deure by die Bybelgenootskap geklop. "Ons benodig Bybels. Kan julle help?" Ja, daar kon al gehelp word. En nou kan die Bybelgenootskap inderdaad help, die Bybelhuise is oop.

Om te kan help moet daar fondse beskikbaar wees. Ons beleef tog hoe mense se ondersteuning ons op hierdie vlak bemagtig, ten spyte van onseker finansiële tye. Een van ons donateurs het sy bydrae gelewer deur die Twee Oseanemaraton rondom sy huis te draf en dan is daar ander ondersteuners van die Bybelgenootskap wat die Mary Jones-stap doen.

Mary Jones is die 16-jarige, Walliese meisie wat in 1800 na Bala in Wallis gestap het om 'n Bybel te gaan koop, 42 km ver op haar eie, oor heuwels en moeilike terrein om toe net te hoor daar is nie 'n Bybel vir haar om te koop nie. Die uiteinde van haar tog en kontak met ds Thomas Charles was die wêreldwye Bybelgenootskapbeweging se ontstaan en die Bybelgenootskap in Suid-Afrika,

as 'n uitvloeisel, wat in 1820 gestig is. En nou stap Bybelgenootskapondersteuners die 42 km om en om hulle huis.

So is daar tans talle projekte in die land aan die gang om te sorg dat daar oral kos is, maar ook geestelike voedsel. Bybels is nodig, dit sien die Bybelgenootskap met die talle versoeke. "Ons wil Bybels in die kospakkies plaas," is die woorde wat oor en oor in e-posse uitgelig word. "Mense soek na ankers" en "Waar kan ons Bybels koop?" vra 'n kerklike kollega.

Die Bybelgenootskap met sy 2 Miljoen Bybels-projek wat saamval met sy tweede eeufeesvieringe vanjaar is juis daarop ingestel om genoeg fondse in te samel om die Bybelarmoede in Suid-Afrika aan te spreek. Nagenoeg 23 miljoen mense het nie 'n Bybel nie en nou het die Covid-19-pandemie hierdie nood duidelik kom onderstreep. Om dit aan te spreek sal gelowiges hande moet vat, mekaar se hande, saam met die Bybelgenootskap. Want talle se lewe is besig om kantlangs uit te rafel.

► Dr Francois Sieberhagen is Bestuurder: Missionale Programme, Bybelgenootskap van Suid-Afrika, Bellville.



Die teologie, die letterkunde en die prof



JACO STRYDOM

Ek onthou hoe baie van my klasmaats destyds gefrustreerd was omdat hulle gedurig die vraag moes beantwoord: “Nou waarom het jy besluit om teologie te swot?” Niemand vra die vraag vir iemand wat ingenieurswese of bemerking of regte studeer nie, het hulle geredeneer.

Persoonlik dink ek dis ’n erg goeie vraag en ek het besluit om die vraag vir Cas Wepener te vra.

“Ek sê graag vir die studente in my klasse, julle is almal weird, want hulle is, en dit sluit my in!” sê Cas. “As jy uiteindelik in teologie beland het, beteken dit daar lê ’n besondere storie in jou, agter jou en om jou.”

Cas vertel van sy eie gewaarwording dat dit waarskynlik die rigting van sy lewe gaan wees, ’n misterieuse gewaarwording wat moeilik met woorde beskryf kan word.

Sy eerste reaksie was om seker te maak dit gebeur nie. Hy is weermag toe en daarna gaan studeer hy drama.

“Letterkunde en drama lê my nog altyd baie na aan die hart, dit is wat ek eintlik wou doen en ’n loopbaan van maak.”

Maar die teologie wou hom nie los nie, daar was healtyd hierdie vreemde besef dat dit iets is wat net moet gebeur. Toe hy uiteindelik toegee het hy ’n vreemde vrede ervaar en geweet hy is op die regte plek.

En dit is nie net die teologie wat hom nie wou los nie, die letterkunde ook.

Cas is ’n skrywer. Behalwe vir akademiese artikels, skryf hy gereeld rubrieke en artikels vir *Vrye Weekblad*, *Netwerk24* en ander publikasies. Hy het ’n

aantal teologiese boeke geskryf en onlangs ’n uitgebreide akademiese studie oor die werk van Karel Schoeman.

Maar hy het veral ’n besondere voorliefde vir fiksie. In 2013 word sy kortverhaalbundel *Dubbelfoto* gepubliseer. Sy nuutste roman *Slaghuis* het verlede jaar verskyn.

Die teologiese temas en sosiale kritiek in sy romans word op ’n unieke manier subtiel verpak, dit verwoord ons menslikheid, ontbloot ons dieper dors. Oor *Johanna*, Cas se vorige roman, skryf Johan Myburg: “Wepener onderskat nie sy leser nie. Hy laat genoeg ruimte sodat die leser ook tussen die reëls kan lees. Subtiel kom Nonna se politieke bewussyn deurgevleg, en ewe-

so die dominee se satheid vir die gemeente, en kritiek op ’n samelewing wat eendersdenkendheid so hoog skat.”

Cas se grootwordjare was tussen die Groot-Karoo en die Tuinroete. Hy is gebore op George en was op skool in Hoërskool Outeniqua, maar hy wys daarop dat hy eintlik die meeste gevorm is op Jansenville, waar hy vakansies en naweke sy pa moes help boer.

Ons gesels oor die mooi plekke, bewus daarvan dat ons, in kontras met die ooptes en die berge, onself tans in grendeltyd bevind. Ek vra hom uit oor sy ervaring in hierdie tyd, oor die kerk se rol.

Hy vertel van Sheila Cussons se gedig “Eucharistie”. In die gedig wil sy graag kerk toe gaan en in die ry by die altaar gaan staan om die tekens van brood en wyn te ontvang. Sy word egter deur haar fisieke toestand (sy het erg verbrand) daarvan weerhou. Wanneer sy dan in die kombuis staan en kook, val ’n druppel sweet op haar vel en sy weet, Hy is nie net daar nie maar ook hier.

“Oor die algemeen kan ’n mens op hierdie stadium by haar poësie aanklank vind,” sê Cas, “want wanneer ’n mens dink aan godsdiens en spiritualiteit, koppel ons dit dikwels aan sekere plekke en Sheila Cussons koppel dit dikwels aan huislike omstandighede, veral die kombuis. Ons is almal op ’n manier nou ingekerker, maar as jy haar goed lees besef jy, jy is eintlik op heilige grond.”

Ek vra of hy raad het vir dominees en pastore in hierdie tyd en hy vertel van uiteenlopende omstandighede van die leraars wat hom die afgelope tyd kontak. Van hulle soek idees rondom liturgie vir video- of Zoom-eredienste en ander is iewers op die platteland waar

die internetsein net te swak is om so iets enigszins moontlik te maak.

Kerkleiers worstel met ’n klomp vrae, van diep vrae waarin hulle teologies sin probeer maak oor wat besig is om te gebeur tot praktiese vrae oor die koste van data en watter nuwe kommunikasie-moontlikhede daar skielik is.

Wat ontstel Cas Wepener en wat gee hom hoop?

Hy is bewus daarvan dat mense se vrese na die oppervlak styg in tye soos hierdie. Wat hom bekommerd maak is die ekstreme posisies wat ingeneem word, al meer populistiese gedagtegangte wat reg oor die wêreld meer en meer gewild raak.

Die twee ekstreme kante het ’n manier om die stem in die middel te oordonder. Die ekstreme stemme is deesdae so ver verwyder van mekaar dat hulle mekaar amper glad nie meer kan hoor nie. En minder kommunikasie voorspel niks goeds nie. Cas sê ekstreme stemme is soms nodig, ons moet na hulle ook luister, maar solank hulle nie die stemme in die middel onhoorbaar maak nie.

“Ek dink ons het ’n baie sterker middelgrond nodig, mense wat kan kophou, nugter bly, probeer om die boot in die water te hou en rigting te hou,” sê hy.

Hy vertel dat hy in die gelukkige posisie is om met studente te werk. Die nuwe geslag en die manier waarop hulle dink, gee hom hoop, die feit dat hulle van die probleme waarmee ons voorheen teoreties gesukkel het vandag eenvoudig stukkend leef.

Cas sê hy sien oral ’n nuwe gesindheid en besef dat die grootste groep Suid-Afrikaners eintlik deel is van hierdie middelgroep, mense wat moeite wil doen om dinge te laat werk.

Klein venstertjies op God



Die wolkerer

Ons ou wêreld het geen tekort aan lofsange, lofsange oor mense, hulle prestasies en suksesse nie. Daarvan is die media elke dag vol.

In Psalm 104 word die lof van God, die Skepper, besing. Die digter besing Hom as die een “wat op die wolke ry” (3). Dié beeld, ontleen uit die mitologiese tekste van die Ou Nabye Ooste, verwys na sy almag en beheer. Dit is God wat die oerchaos voor die skepping tot orde geroep (Genesis 1) en aan die see grense gestel het (9). Die natuurelemente is sy diensknegte. Die wolke van die hemel is sy strydwa en die winde en die weerlig sy boodskappers (4). Hy gee lewe en hy hou alle lewe in stand (28-29).

Sonder God leef en beweeg niks op aarde nie. Hy, die wolkerer, verdien al ons lof, eer en aanbidding.

Foto en teks: Kobus Smit
www.ks-pictures.co.za

Korona: 'n Tyd en plek om te gee

Groot impakstories



JEANETTE CLARK

Bea du Toit (10) voeg nog 'n R50-noot by die pakkie geld in haar A5-koevert. Bo-op, met swart pen, het haar ma geskryf: "Geld vir dominee Alex. Maak-jou-kas-skoonprojek."

Die R50 is vir 'n hopleklike klere wat sy in die plaaswinkel op hulle plaas in die Koue Bokkeveld aan werknemers teen 'n donasie-bedrag beskikbaar gestel het. Die omgewing was bevoorreg om deur die inperkings tyd steeds met ekonomiese aktiwiteit te kon voortgaan as voedselproduksie-nodus, maar weens inperkingsreëls het baie van die werknemers 'n tekort aan klere of selfs toegang tot winkels om dit aan te skaf, gehad. Toe begin Bea kas skoonmaak.

Sover het sy amper R1 000 ingesamel en, sê sy, sy is nog lank nie klaar nie. Blykbaar is haar ma se kas volgende in haar visier en sy het al met haar tannie en ouma ook gesels dat sy daár ook wil invaar. Die geld wat ingesamel word, gaan aan die plaaslike Badisa-kantoor vir hulle gemeenskapsprojekte.

Die bereidwilligheid bestaan

Bea is nie die enigste Suid-Afrikaner wat wil gee nie. Die Covid-19-pandemie en die onafweerbare impak daarvan op die land, en ook die wêreld se ekonomie, het oral noodsituasies geskep. Mense kry swaar.

Tóg het die pandemie ook tot gevolg gehad dat miljoene mense tot aksie aangespoor is om iewers te probeer help.

"Die Covid-19-pandemie en gepaardgaande staat van inperking vra van ons en dwing ons om met nuwe harte en hande op die situasie te reageer," sê dr Llewellyn MacMaster, moderator van die VGK Kaapstreek. Hy maak dié opmerking in 'n video wat onlangs saam met die bekendstelling van Diaconia, die gesamentlike barmhartigheidsbediening van die NG Sinode van Wes-Kaapland en die Verenigende Gereformeerde Kerk Streeksinode Kaapland, se rampondersteuningstrategie geplaas is.

Andy Hadfield, HUB van die aanlyn sosiale platform forgood.co.za (wat mense aan liefdadigheidsdoelwitte en veldtogte koppel), sê dat hulle reeds meer as 55 000 besoekers sedert die begin van Maart op hulle platform gehad het. Waar die blad gewoonlik weekliks tussen 50 en 100 vrywilligers verwerk,

het die getal tydens inperking tot by 400 per week geklim. Sedertdien het dit weer tot op normale vlakke teruggekeer.

"Dit lyk asof die inperking mense die geleentheid gegee het om aan ander te dink en, in sekere gevalle, om iets daaraan te doen," sê hy.

Dit kan egter nogal oorweldigend raak om te weet hoe en waar om te gee. Een oplossing is skarefinansiering, waar 'n klomp mense hulle geld saamvoel vir een saak.

BackaBuddy is een van die platforms in Suid-Afrika wat dit moontlik maak. Sedert die begin van die inperkings tyd het dié platform al meer as R10 miljoen spesifiek vir Covid-19-aksies ingesamel, sê Zane Groenwald, BackaBuddy se bemarkingsbeampte.

"Daar is 'n geweldige toename in vrywilligerswerk waar mense geld insamel vir hulle eie, en ander, gemeenskappe," sê hy. "Mense hardloop maratons tuis, vra vir donasies eerder as geskenke op hulle verjaardag, ens."

Só het die NG Gemeente Suidkus in Amanzimtoti, KZN byvoorbeeld op 30 April 'n Lockdown Fun Run gehou. Gemeente- en gemeenskapslede kon vir 'n fooi inskryf om deel te neem en in die afsondering samehorigheid vind.

Ds Marius Schoombie, predikant by dié gemeente, sê die doel van die pretloop was veelvuldig – om alleenheid te breek, as inspirasie vir mense om aktief te bly en om fondse in te samel sodat die gemeente 'n hawe van hulp en hoop kan bly.

Altesaam 130 "tuinhollers" ('n nuutskewing om al die mense wat klein sirkeltjies in hulle tuin hardloop te beskryf) het op 30 April 2 km, 5 km, 10 km of 21 km gehardloop en sowat R12 000 is ingesamel.

"Die gevoel van eenheid wat die pretloop geskep het, was egter van onskatbare waarde," sê Schoombie. "Ons dink baie keer om te gee gaan net oor geld. Daar is baie meer om te gee as dit. Jou energie, liefde, gemeenskap en vreugde kan soms baie meer beteken as 'n klomp munte."

In Suid-Afrika is daar tans verskeie noodfondse waar hulpbehoewendes vir ondersteuning kan aansoek doen. Liefdadigheidsorganisasies verskaf kos, klere en huisvesting vir 'n samelewing waar die ekonomie inmekaar getuimel

kan piepklein begin



het. Die regering het 'n ekonomiese herstelplan van by die R500 miljard aangekondig. Die Solidariteitsfonds, tans op R2,5 miljard, is nog een van die ekonomiese antwoorde op die krisis.

“Ons sal – en ons moet – alles doen wat ons kan om van hierdie menslike, sosiale en ekonomiese krisis te herstel,” het president Cyril Ramaphosa in sy rede op 21 April gesê. “Ons land en die wêreld gaan nooit weer dieselfde wees nie. Oor die laaste maand het Suid-Afrikaners hulle hart vir mekaar reeds oopgemaak.”

Elke bietjie help

In Moreletapark, Pretoria, kyk die 13-jarige Hanco Louw sowat twee weke gelede uit oor die besige straat wat voor sy huis verbyloop. Verskeie voetgangers is op pad werk toe onder Vlak 4-regulasies.

“Baie min van hulle het maskers opgehad. Ek is geleer dat 'n mens moet gee sonder om iets terug te verwag,” vertel Hanco. Die materiaal was in sy

FOTO'S OP VORIGE BLADSY: Altesaam 130 “tuinhollers” (’n nuutskepping om al die mense wat klein sirkeltjies in hulle tuin hardloop te beskryf) het op 30 April 2 km, 5 km, 10 km of 21 km gehardloop en sowat R12 000 is ingesamel.

FOTO'S HIERBO: In Pretoria woeker Hanco Louw (13) met weggee-maskers, terwyl Bea du Toit (10) haar deel gedoen het in ’n kasskoonmaakprojek in die Koue Bokkeveld.

“**Ek het al ’n spasma in my rug van al die maskers wat ons gemaak het.**”

ouerhuis is summier oopgemaak en ma Christelle Retief is opgekommandeer om maskers te begin maak.

Agttien maskers van verskillende groottes (individueel verpak in plastieksakkies) is in ’n kartondoos buite die hek staangemaak met ’n vrolike plakkaat wat aankondig: “Need a mask? Just ask!” Binne ’n halfuur was dié voorraad opgebraap.

“Ek het al ’n spasma in my rug van al die maskers wat ons gemaak het,” lag Christelle. Sover is net onder die 100 maskers op dié manier uitgedeel. Vriende en ondersteuners begin nou materiaal skenk, maar die plan is eintlik om ander individue uit te daag om ook só ’n boks voor hulle hek staan te maak.

Hanco se boodskap aan mense wat oorweldig voel en nie weet waar om te begin nie, is eenvoudig: “Dit maak nie saak wat jy doen nie, jy moet net iewers ’n verskil maak. Een mens kan dalk nie die wêreld verander nie, maar jy kan die wêreld vir een mens verander,” sê hy.

► *Jeanette Clark is ’n vryskutjoernalis.*

Wat brugbediening vir ons kerk kan en wil beteken

Soos 'n gids of konsultant kan 'n brugleeraar 'n gemeente help om self in die kortste moontlike tyd die nodige ontdekkings te maak, skryf BENNIE BRINK.

Dink aan hoe 'n groepie kleuters sonder toesig moet voel voor 'n golwende hangbrug in die bos waar die ander kant van die brug in die ruigtes verdwyn. Die lengte van die brug na die ander kant is nie duidelik nie en die diepte van die kloof word deur die digte takke geheim gehou. 'n Mens kan jou nie 'n meer onseker en reddelose posisie voorstel nie.

Dit is presies hoe veral klein gemeentes heel dikwels voel wanneer hulle leeraar skielik geroep word om elders te gaan arbei. Of dit goed gegaan het en of dit sleg gegaan het, daar kom 'n leemte van onsekerheid wat enige mens wil vermy. Die natuurlike keuse is om so gou moontlik 'n plaasvervanger te kry

sodat ons uit hierdie ongemaklike posisie van onsekerheid kan glij. Die onus word vierkantig op die skouers geplaas van die persoon wat ons gaan aanstel. Die grootste en enigste verantwoordelikheid wat die leiers van die gemeente het, is net om die regte persoon aan te stel. Met toegewyde gebed, uitgesoekte kundigheid en selfs professionele prosedure word onderhandel en seker gemaak wie die regte een is. 'n Deeglike proses en tog onvolledig.

Die feit wat baie maklik en dikwels misgekyk word is dat gemeentewees 'n spanpoging is en die leeraar net 'n spanlid is met spesifieke opdrag. Indien die leeraar al die verantwoordelikheid moet dra sal die gemeente moet soek na 'n fik-

tiewe superheld. Ongelukkig is gemeentelopdrag nie 'n fiktiewe saak nie en daarom moet daar liewer gefokus word op die werklikheid. Om dus die proses volledig te maak moet daar gekyk word wie is die gemeente, met huidige inligting, in huidige omstandighede, huidige behoeftes en huidige roeping.

Interimbediening, met die klem op *bediening* en nie op *interim* nie, wil juis gemeentes met hierdie proses help. Dit is baie moeilik om iemand anders te evalueer maar nog moeiliker om self-evaluasie te doen. Om hierdie rede wil brugbediening as 'n gereedskapstuk dien om die gemeente oor hierdie brug te help. Soos 'n gids of 'n konsultant kan die brugleeraar die gemeente help om self in die kortste moontlike tyd die nodige ontdekkings te maak, behoeftes te bepaal en besluite te maak. Niemand weet vooraf wat aan die ander kant van

die brug is, hoe lank dit is of hoe diep die kloof is nie. Niemand kan dit vooraf bepaal of sê nie, dit moet vars ontdek word. Daarom word die brugleeraar ook nie die permanente nuwe leraar nie, anders word dit bloot hy of sy wat geëvalueer word en die gemeente-ontdekking gaan verlore.

In 'n tydperk van ses tot agttien maande help die brugleeraar die gemeente om te konsentreer op 'n paar fokusareas. Die tyd is nie vasgestel nie omdat elke gemeente 'n eiesoortige uitdaging het. In hierdie tyd word gefokus op die gemeenteverhaal van begin tot op hede. Daar word gekyk na die identiteit van die gemeente, geografies, demografies en wat spiritualiteit betref. Deurentyd is daar noue samewerking met die kerkverband. Leierskap en bedieningsstrukture kry aandag en met ingeligte besluitneming word daar besin oor die



gemeente se toekoms en roeping. Met al hierdie nuwe vars kennis kan ingeligte besluitneming gedoen word oor die toekoms soos die beroeping van 'n permanente leraar. Wat oor die algemeen as kwesbare tyd in die gemeentelêre beskou word, kan deur brugbediening verander word in vrugbare en lewensvernuwende tyd.

Ons leef in onseker tye. Alhoewel dit nog altyd waar is het die Koronapandemie dit nou met dik lyne kom onderstreep. Verandering wat nog altyd 'n baie aktuele saak was, is nou meer as ooit uitgewys as onignoreerbaar. Brugbediening wil selfs kyk na 'n korter "noodbrug"-tyd om gemeentes te help wat in die nood is om nuut te kyk en moontlikhede te ontgin, selfs vir korter tydperke. Ons het nie maar net oorbrugging nodig tussen die vorige en

volgende dominee nie; ons het dalk 'n brug nodig tussen 'n vorige en nuwe bedieningsbenadering en -aanslag. Op 14 Mei het die Digital Learning Community 'n geleentheid digitaal aangebied met die tema "Nie 'pause' nie maar 'reset': Geloof en kerk vars geleeft in Covid-19-tyd". In sommige gevalle is dit dalk selfs "restart". 'n Nuwe tydvak het finaal met 'n donderslag aangebreek waar dominee sowel as gemeente nuut moet dink oor die rol wat elkeen moet speel as dissipels van ons Here in 'n tyd soos hierdie waarin ons vandag leef.

Brugbediening wil nie net 'n gaping vul nie, maar juis gemeentes help om 'n kwesbare tyd betekenisvol te gebruik om te groei en sinvolle ontdekkings te maak. ► *Ds Bennie Brink is emerituspredikant en sekretaris van die Werkgroep vir Brugbediening NG Kerk.*

Brugbediening: Vraag-en-antwoord met ds Fanie Steyn (FS)

Jy het so pas die brugbedieningsproses in die gemeente Ellisras-Wes (Limpopo) afgehandel. Is die brugbediening meer toepaslik op die platteland?

FS: Nee. Brugbediening is ewe veel van toepassing op die platteland as in stadsgemeentes. Ek was ook onlangs brugpredikant in Bergtuingemeente as kleiner stadsgemeente in Pretoria. Elke gemeente is deel van die koninkryk. Elke gemeente is uniek wat samestelling, demografie, grootte, bedieningstyl, ens. betref. En veranderinge in 'n gemeente moet op elkeen se eie bodem en tyd hanteer word.

Wat sou jy sê, is die langer-termyn effek van die brugbediening na twee jaar in Bergtuingemeente?

FS: Die proses wat met die hele gemeente en kerkraad hanteer is, het beteken dat almal ingekoop het om te kom by die besluite oor die toekoms van die gemeente. Die effek is dat Bergtuin as kleiner gemeente onafhanklik wil voortbestaan. 'n Deeltydse leraar is beroep en hulle leef nou saam as groter familie. Bergtuin se slim vooruitbeplanning was om die kerkgebou 'n aantal jare gelede aan 'n ander denominasie te verkoop met die voorwaarde dat Bergtuin dit mag gebruik. Dit beteken onder andere dat die gemeente nie tyd en kragte aan die kerkgebou se onderhoud hoef te wy nie, maar kan fokus op dit wat werklik vir die koninkryk saak maak.

Jy het die beginsels van die brugbediening al verstaan en begin uitdra nog voordat dit in die NG Kerk geïmplementeer is. Het die behoefte hieraan die afgelope 14 jaar verskuif?

FS: Nee, nie die behoefte nie, maar die bewuswording van die "sukses" van brugbediening het baie toege-

neem. Daar is intussen met dank kennis geneem van die verdieping en gesonde groei in gemeentes waar die brugbediening gevolg word.


Watter uitdagings spreek die brugbediening tans aan?

FS: 'n Groot uitdaging is om deeglik kennis te neem van die veranderende wêreld – en invloede daarvan op die kerk – en hoe dit die kerk in die buiteland, in Suid-Afrika en in die spesifieke gemeente raak. Dit bring mee dat daar weer nuut en vars oor die praktyk van kerkwees gedink moet word. So ook ten opsigte van die uitleef van die Bybelse beginsels en die persoonlike verhouding met die Here. Brugbediening help om ons te stroop van die oënskynlik belangrike dinge wat soms op die periferie lê en die kern van God se wil raak te sien / te herontdek.

Die keuse van die regte leraar vir 'n spesifieke gemeente is belangrik. Die gemeente bid saam vir iemand wat sal kan inpas by die verlede, hede, toekoms en eie omstandighede van die gemeente. Hierin behoort die brugleraar goeie leiding en hulp te kan bied. In 'n liggaamsmodel van gemeenteweese neem gemeentelêre mede-eienaarskap van hierdie prosesse.

Slaag die brugbediening in die NG Kerk?

FS: Ja! Daar moet nog 'n noukeuriger evaluering gedoen word. Maar daar is tans reeds talle aanduidings dat gemeentes waar brugpredikante gewerk het, in 'n groot mate herleef en hulle heroriënteer om opnuut kerk van Christus te probeer wees. Deeglike oorgangsbestuur by gemeentes met predikantsvakatures is noodsaaklik. Dit is meer haalbaar wanneer dit met begeleiding van 'n opgeleide en ervare brugpredikant kan plaasvind.



DOEK TE KOOP BY BOEKWINKELS LANDWYD

Wat is die Here se plan vir my, vir Suid-Afrika en vir my in Suid-Afrika? Hoe leef ek my geloof uit waar ek ookal gaan?

www.cumbooks.co.za

Bestel by | Bybel-Media: bestel@bmedia.co.za | 0860 26 33 42
Volg Lux Verbi op: [@LuxVerbiBoeke](https://www.facebook.com/LuxVerbiBoeke) [@luxverbi](https://www.instagram.com/luxverbi) | www.luxverbi.co.za

BM
Bybel-Media

HOOF-UITVOERENDE BEAMPTTE

WELLINGTON

Bybel-Media is 'n Christelike mediabediening sonder winsoogmerk wat materiaal vir geloofsontwikkeling en -ondersteuning verskaf en versprei. Die maatskappy fokus op drie gebiede: publikasies, bediening en ondersteuningsdienste.


Bybel-Media is tans besig met die digitale transformasie van sy media-uitsette. Ons ontwikkel 'n geïntegreerde, veelkantige digitale platform. Die platform sal aan die behoeftes van 'n breë Christelike mark voldoen deur middel van gepaste inhoud en produkte om geestelike beleving en Christelike transformasie en dissipelskap te bevorder. Hierdie sakemodel behels 'n soepel en buigsame ("agile") benadering.

Die suksesvolle aansoeker sal aan die direksie rapporteer.

Verantwoordelikhede sluit in: strategiese leierskap en bestuur • oorhoofse bedryfsbestuur van Bybel-Media se dienste en werksaamhede • bestuur van digitale platforms (ontwikkeling, sekuriteit, data-analise), korporatiewe bestuur en voldoening aan wetlike vereistes • inhoudskepping • finansiële bestuur • verkope en bemerking • fondswerwing • uitbou van nasionale en internasionale verhoudings • logistieke bestuur • personeelbestuur • navorsing en ontwikkeling.

Vereistes: toepaslike naskoolse kwalifikasie • bewese leierskaps- en bestuursvaardighede • die vermoë om verandering te bestuur • strategiese insig in en begrip van die kerklike en Christelike omgewing • toegang tot 'n wye netwerk van strategiese vennote, insluitende kerklike en Christelike instellings • kundigheid rakende funksionering en gebruik van digitale platforms soos toegepas in 'n media-omgewing • goeie operasionele begrip van IT en/of webwerfontwerp, -ontwikkeling en -programmering • Gereformeerde teologiese posisionering (begrip, verdraagsaamheid en insluiting van uiteenlopende standpunte en kerkgroepe) • uitstekende interpersoonlike en kommunikasievaardighede (geskrewe en gesproke) in Afrikaans en Engels • sterk sakesin • ervare onderhandelaar met bewese bemerkings- en/of fondswerwingservaring en ooredingsvermoë • etiese en waardegedrewe lewensbeskouing en handhawing van Christelike waardes.

• Om aansoek te doen, registreer asseblief u aansoek by <https://www.dittojobs.com/jobs/view/3817878424>



Dante: Hoop vir die nou, maar ook vir die na-dood

Lesers ken hom vir verskeie teologiese werke soos *Dáárom glo ek!* en poësie, soos die onlangse *Vlug van die Gees*, maar Cas Vos het ook onlangs met die vertaling van 'n deel van Dante Alighieri se *Commedia La Divina* die oog gevang van RETHIE VAN NIEKERK, wat by hom wou hoor:

KERKBODE (KB): Vanwaar die belangstelling in Dante en spesifiek dan in "Il Paradiso"?

Prof Niek Schuman was vir jare aan die Vrije Universiteit verbonde. Ek het die voorreg gehad om Nederland verskeie kere te besoek. Ons het van die eerste sien af besef ons is geesgenote en tweelingbroers. Niek het byna alle denkbare tale gepraat. Hy het Dante se *La Divina Commedia* uit sy kop geken. By hom het ek Dante leer ken en hy het my aangemoedig om Italiaans te leer en Dante te vertaal. Hiervoor sal ek hom altyd dankbaar bly. Hy is op Kersdag 2018 paradys toe.

KB: Hoe is "Il Paradiso" relevant vir ons wêreld?

Il Paradiso kom uit die dertiende eeu. Dante het van 1265 tot 1321 geleef. Tog bly die merkwaardige gedig meer as relevant. Dante het in teologie, filosofie, letterkunde en aptekerswese gestudeer. Sy tyd was vol politieke en kerklike spanning en twiste. Hy het onder andere op die stadsbestuur van Florence gedien. Maar sy vyande het hom van wanbestuur aangekla. Hy was onskuldig, maar is skuldig bevind en verban. Dante het die Il Paradiso in ballingskap geskryf. Dante het teologiese sieninge in fyn poësie uitgedruk. Met hierdie

briljante epos beoog hy om hoop aan die inwoners van Florence te gee. Is dit nie wat ons ook broodnodig het nie? Hoop en nogmaals hoop. Ons samelewing is 'n ashoop vol wanhoop. Daar is soveel onreg, selfsug, konflikte, korrupsie en leuens, noem maar op. Daar is ook in die kerk onverdraagsaamheid en onnodige konflikte. Elkeen dink hy/sy het die waarheid beet. Waar kom al die onheil vandaan?

In Canto VI, 74-75 dig Dante:
"hoogmoed, jaloesie en hebsug is die vonke wat hul harte aan die brand steek en in vlamme laat opgaan."

Ons samelewing en kerk het meer omgee vir ander nodig. Veral in ons krisis-tyd. Ook hiermee help Dante se gedig ons. In Canto XIII, 130-132 dig hy aangrypend mooi:

Mense moet liefs sagweg met hul oordeel omgaan;
anders is hulle soos dié wat are optel lank voordat die oes ryp in die halm staan.

In Dante se tyd was malaria die lewensbedreiger. In ons dag is dit korona. Ons kort almal in ons tyd hoop om hier en nou te kan leef en te oorleef. Maar ook hoop vir die na-dood. Ons kan tree vir tree met hierdie reis van Dante meegevoer word. Ons is ook op pad paradys toe. Dante dig oor geloof in God, engele wat ons op ons reis vergesel, lofsange aan God. Daar in die paradys word die groot Hosannas vir Hom gesing. Siekte, lyding en moedeloosheid is verby. Hierin kan ons ons verbly. Ons het 'n toekoms en ons is daarheen onderweg. Dante voer ons met sy gedig mee na die heerlike toekoms.

KB: Op watter maniere help Dante ons om God beter te ken of beskryf?

Dante beskryf die Drie-eenheid manjiefiek (Canto XXVII, 1-6):

1 "Eer aan die Vader, die Seun en

Heilige Gees,"
die intogied in die volmaakte paradys,
die hemelse lied is ingegee deur u Gees.

4 Alles wat ek gesien het, was soos 'n glimlag van die heelal; druppels verwondering het my gehoor en gesig bedek, dit was melksag.

Dante dig ook oor Christus, ons Verlosser. Hy het sy lewe gegee sodat ons kan lewe. Dante dig in Canto XXXI, 3: Christus het sy bruid met sy bloed gekoop.

Hy het uit die dood opgestaan sodat ons ewig kan lewe. In die paradys waarheen ons onderweg is, is daar net lig omdat God self die Lig is.

Mistiek was in die Middeleeue baie belangrik. Ook vir Dante. Dit moet nog steeds van belang wees. Dit verwys na die eenwording met God en aanbidding van Hom. Mistiek beteken dat ons die deur van ons hart vir God en sy Woord oopmaak. Eintlik is dit die Heilige Gees wat ons hart oopmaak. God gee geloof. Daarom vra Hy ook van ons geloof (Augustinus). In stilwees voor God is Hy teenwoordig. Mistiek beteken ook dat ons ons hart moet ondersoek en die boosheid moet uitban.

Mistiek lei ons daarna toe om met liefde, deernis, omgee en vergifnis te leef.

KB: Wat het die tyd in die geselskap van Dante – en Dante se blik op die Paradys – vir Cas Vos persoonlik beteken?

Dit was vir my die wonderlikste reis wat ek ooit meegemaak het. Op pad na die paradys toe. Daar waar God heers en alle pyn verdwyn. Daar waar ek ewig lewe en my lewe om Hom draai. My toekoms, en elke Christen s'n, is wonderlik. Ons sal eendag met verwondering voor God kan staan en lof aan Hom bring. Dante se Il Paradiso het vir my meer beteken as al die teologiese boeke wat ek gelees of self geskryf het.

KB: Is daar dalk 'n gedeelte wat 'n persoonlike gunsteling is?

Al die tersines (driereeëlige gedigte) is verruklik. Ek stel graag Dante aan die



Dante Alighieri

woord (Canto XXXIII, 70-75):

70 Ek vra U: gee aan my woorde tog soveel krag dat dit 'n geringe vonk van u glorie mag nalaat aan die toekomstige nageslag;
73 want deur 'n vleugie hoop aan my herinnering in al hierdie verse klankvol te laat eggo, sal siele u grootheid majesteitlik besing.


KB: Jy het onlangs 75 geword – baie geluk! Wat is volgende vir Cas Vos? Gaan jy ons verder op die reis met Dante neem?

Daar is 'n nuwe digbundel by die uitgewer. Ek het Hooglied verklaar en digterlik vertaal en dan twaalf van my eie gedigte bygevoeg. Die titel is: *Onder die vlerke van jou liefde*. Dan is ek pas klaar met die vertaling van Dante se Inferno (die hel). Die vertaling verskyn DV gedurende volgende jaar. Maar dit is 'n gesprek vir 'n ander dag.

7 O geluk! O onuitspreeklike verblyding!
Lewe wat oorloop van liefde en vrede!
O vaste rykdom vry van elke hunkering!
(Canto XXVII, 7-9).



Prof Cas Vos



'n Moet vir volwassenes

In jou gedagtes deur Herman van Veen en Alida Bothma
Uitgewer: Protea Boekhuis, 2020
Resensent: Rethie van Niekerk

Asemrowend. Beeldskoon. Skokkend. Prettig. Ontstellend. Speels. Dapper. Weerloos. Verruklik vreemd. Dit is net 'n paar woorde waarmee 'n mens *In jou gedagtes* kan beskryf. Dit beskryf ook jou ervarings met die lees van die boek.

In jou gedagtes is droomstukkies wat in verskillende afdelings vir jou sê wat in jou gedagtes kan gebeur. Jy kan net mooi orals wees (in ou pajamas in Lima); wees wat jy wil (so groot soos 'n berg); alles word; doen wat jy nie kan doen nie (skaats op die gras); hê,

hê, hê (niks); begryp wat jy nie verstaan nie ('n kindjie wat doodgaan).

Dit is nie 'n Christelike boek per se nie, hoewel daar byvoorbeeld 'n verwysing is na Jesus aan die kruis. Tog speel 'n Christelike ondertoon tergend wegkruipertjie in Bothma se besonderse illustrasies, soos die teks van die Ons Vader-gebed in 'n illustrasie van 'n omhelsing, of Bybeltekste in plekke van aanbidding.

Na my oordeel is hierdie 'n boek wat alle volwassenes moet hê. Jy kan dit oor en oor lees, geniet, aanstaar en bewonder. Dan kan jy besluit hoe jy dit vir jou kinders gaan lees, wat dit waarskynlik nog meer gaan geniet as jy. Om deur *In jou gedagtes* te blaai, is om die ongemaklike, beeldskone kontras van die lewe in jou hand vas te hou.

Leer rym-rym van aanbidding, gehoorsaamheid

Gedigdiges vir vrolike gesiggies deur Aletté-Johanni Winckler, met illustrasies deur Wess-lee de Klerk.
Uitgewer: Lux Verbi, 2020
Resensent: Rethie van Niekerk

Gedigdiges vir vrolike gesiggies is verskuilde lesse wat rympies gebruik "om lewenswaarhede speel-speel en op 'n ligte trant" oor te dra.

Die hele boek is prettig en kleurvol. Kinders sal dit geniet om deur die kleurvolle bladsye en vrolike illustrasies te blaai. So rym-rym leer kinders van aanbidding, hulle waarde, gehoorsaamheid, en nog baie meer.

Die manier waarop daar met deernis gepraat word oor boelies se pyn, is treffend ("n Boelie is 'n maatjie wat baie goed kan skuil / van sy eie trane, maar eintlik wil hy huil. / Sy hartjie is vol pyn en vrees. / Nou wil hy hê dat jy ook bang moet wees.") Ook die ge-

diggie van 'n skaam kind is besonders in ons ekstrovert-gefokusde wêreld. Die lof-gedigdiges is beslis 'n prettige sterkpunt van die boek. Ek het gehou van die speelse "Skeppende hande": "Dinosaurus, Dinosaurus / waarom brul jy as jy sing? / Liewe seuntjie, liewe dogter, dis hoe ek 'n liedjie bring ... Dinosaurus, Dinosaurus / God het my net só gemaak. / Liewe seuntjie, liewe dogter, wat dan anders maak nou saak?"

By elke gedigdigie is daar ook 'n teksvers, spesiaal uit 'n kindervriendelike Bybelvertaling. Dit beteken dat ouers natuurlik ook die gedigdiges op 'n speelse manier tydens huisgodsdienste kan gebruik. Of die Bybel speel-speel in die gewone verloop van die dag intrek.

Die boek kom met 'n CD met toonsettings van 20 van die gedigdiges. Weens die inperking kon hierdie resensent ongelukkig (nog!) nie na die CD luister nie.

Goeie hulp vir Skrifverstaan

Die Bybel in fokus: Hoe om gelowig én denkend te lees deur Louis Jonker, Jan Botha en Ernst Conradie
Uitgewer: Lux Verbi, 2020
Resensent: Deon Strydom

Tik 'n mens die woord "Skrifverstaan" of selfs die woorde "Skrifmisverstaan" in 'n soekenjin in, kry jy elletlange lyste van geskryfte. Na elke sinodebesluit, hetsy of dit oor kerkeenheid, Belhar of die sogenaamde "gay"-debat gaan, word die woord vanuit alle windrigtings heen en weer ge-gooi.

Hierdie boek begin ook in die voorwoord om te verwys na die verwarring rondom hierdie saak in die vroeë 1990's. Die skrywers het toe op daardie stadium Bybelkursusse in gemeentes aangebied oor Bybelse hermeneutiek (die teorie oor die verstaan van die Bybel). Die kursusse was so gewild dat die inhoud in boekvorm verskyn het. Hierdie uitgawe is 'n effens aangepaste weergawe van die destydse boek. Die feit dat die resensent dit waardevol, prikkelend en op datum gevind het, wys daarop dat die tema nog net so belangrik is as in die 1990's.

Die skrywers gebruik 'n eenvoudige formaat van vier hoofstukke:

1. Struikelblokke
2. Hulpmiddel 1: Die literatuursoort is belangrik
3. Hulpmiddel 2: Hoe die Bybel ontstaan het
4. Vastrapplekke: Hoe kan ons weer

God se stem in die Bybel hoor?

Binne die hoofstukke word die belangrike sake lekker duidelik uiteengesit, met voldoende voorbeelde uit die Bybel. Waar nodig, en net waar nodig, word na die Grieks en Hebreeus verwys, sodat die boek toeganklik is vir iemand sonder grondtaalkennis. Voorbeelde uit die hedendaagse tyd of bekende verlede word ook gebruik om die konsepte duidelik te maak.

Daar word van kort vraelyste en selfs verskillende kort preekmoontlikhede uit dieselfde teks gebruik gemaak om seker te maak die lesers bly by. Met die hulp van tydlyne word sake in perspektief gestel, soos byvoorbeeld hoe ons aan ons huidige Bybel-kanon (die boeke opgeneem in die Bybel) gekom het.

Die boek is verstaanbaar geskryf, maar ek sou aanbeveel dat 'n leser dit aanpak soos wat dit oorspronklik bedoel is, as 'n kursus. Daar is selfwerk-saamheid wat aangebied word by die hoofstukke, wat sal verseker dat die leser die konsepte onder die knie kry.

Verstaanbaar, maar nie bedoel as 'n kop-afskakel lees nie. 'n Boek om te lees, te herkou, om oor te dink. Dalk skud dit soms jou vooropgestelde idees, maar dit is goed, want dan kan jy standpunte vorm wat deurdink en gegrond is. Jy sal jou dominee ook lekker op sy/haar tone kan hou met hierdie kennis!

Lees dit gerus!

► *Ds Deon Strydom is predikant van NG Kerk Stutterheim.*

E-BOEK NOU BESKIKBAAR

DIE BYBEL IN FOKUS

Hoe om gelowig én denkend te lees

LOUIS JONKER
JAN BOTHA
ERNST CONRADIE

ISBN: 9780796322333

Epub ISBN: 9780796322340

'n Hulpmiddel om die Bybel in moderne tye krities tóg gelowig te lees met vastrapplekke om opnuut God se stem uit die Bybel te hoor.

Volg ons by: @LuxVerbiBoeke | @luxverbi | www.luxverbi.co.za

VERSTAAN die Bybel

Die erns van vreugde

MARIUS NEL

In sy studie oor vreugde in die Nuwe Testament skryf John Barton dat vreugde 'n ernstige saak is. Volgens Mary Douglas is vreugde naamlik die intense liggaamlike belewenis van dit wat vir ons die mees wesenlike in ons lewe is. Vreugde is nie bloot 'n reaksie op dit wat vir ons plesier gee nie. Dit is die intense ervaring van dit wat sin aan ons lewe gee. Ons vreugde verklap dus ons identiteit.

Dit is daarom opvallend hoeveel keer skrywers soos Lukas en Paulus na vreugde verwys om aan te toon wie die volgelinge van Jesus is. Van al Paulus se

briewe bevat sy brief aan die Filippense dan ook die grootste konsentrasie verwysings na vreugde. Die konsentrasie is onverwags, want met die skryf van die brief is Paulus verhoorafwagend met die vooruitsig dat hy ter dood veroordeel sou word.

Tog skryf Paulus herhaaldelik oor vreugde (1:18, 25, 2:2, 17, 18, 28, 29; 3:1; 4:1, 4, 10). Dit is nie soseer dat Paulus vreugde beleef ten spyte van sy omstandighede nie. Vreugde bepaal eerder hoe hy na alles, ook sy haglike omstandighede, kyk. Daarom sien hy nie die skande van sy gevangenskap nie. Hy

sien eerder die geleentheid wat dit aan hom bied om die evangelie aan die keiserlike wag te verkondig (1:13).

Paulus weeg ook nie die goeie teen die slegte in sy lewe op en besluit dan dat hy meer het om oor bly te wees nie. Vreugde verander eerder hoe hy die goeie en slegte beleef. Daarom vind hy vreugde in sy moontlike dood of vrylating (2:17). Paulus vind nie vreugde deur net op die positiewe in sy lewe te fokus nie. Vir Paulus is die vreugde wat hy beleef eerder te danke aan Christus. Daarom roep hy die Filippense herhaaldelik op om hulle vreugde te vind in die Here (3:1; 4:4).

Sy vreugde bestaan daaruit dat hy sy diepste sin beleef in sy identifikasie met die lewe, dood en nabyheid van Jesus (4:5b). Hy verheug hom verder daarin dat hy dié identifikasie met Jesus deel met die Filippense. Daarom dink hy met vreugde oor hulle ontvangs van die evangelie en hulle vernuwing met die koms van Christus (1:4-6).

Wie die werk van Christus hulle verstaanshorison maak, ervaar volgens Paulus vreugde onder alle omstandighede.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Op 'n koue wintersoggend blaai ek deur die e-posse wat oornag in my inboks geland het. Een vang onmiddellik my oog: "Uitnodiging na die virtuele troosdiens van oom Dolf." Ek en oom Dolf se kinders kom 'n lang pad. Ek klik op *aanvaar die uitnodiging*. Byna onmiddellik is die afspraak koud en klinies in my kalender ingeskryf. 'n Paar dae later Zoom ek in by die troosdiens. Byna almal is daar: oom Dolf se kinders en kleinkinders en van hulle vriende. 'n Kleinkind begin die verrigtinge deur almal wat "aanlyn is" te verwelkom. Hy maak verskoning vir lewenslange vriende van oom Dolf wat ongelukkig nie teenwoordig kan wees nie omdat

hulle nie internettoegang het nie. Die predikant se gesig verskyn volgende op die skerm. Hy sit in sy sitkamer en lewer 'n treffende troosboodskap. Na sy gebed volg 'n skyfievertoning van oom Dolf se lewe – en dan is almal se mikrofone oop om 'n bietjie saam te kuier. Ek het nie veel behoefte aan die gekuier nie. Met die druk van 'n knoppie verlaat ek die byeenkoms. Oomblikke later maak ek nog 'n belangrike dokument op my rekenaar oop, want die lewe gaan mos maar voort ...

Die aankondiging van president Cyril Ramaphosa op 26 Mei dat kerke onderworpe aan sekere voorwaardes godsdienstige samekomste mag hou, is met gemengde gevoelens ontvang. Aan

die een kant was daar dankbare instemming dat dit 'n goeie ding is, aan die ander kant 'n geweeklaag en 'n gekners van tande. Byna onmiddellik is die wysheid van die besluit bevraagteken. "Wie het namens die NG Kerk aan die gesprek deelgeneem?" en "Het die persoon 'n mandaat gehad het om dit te doen?" is van die vrae wat met groot dringendheid gevra is. Aanlynvergaderings deur kerkleiers van die NG Kerk het gevolg, riglyne is opgestel en per e-pos uitgestuur. "Wag liever nog 'n paar weke," het die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke teruggekrabbel. "Moenie nou mense se lewe in gevaar stel nie." Meer as 70% respondente sal nie teruggaan kerk toe nie, het 'n nuusnetwerk kommentaar

gelewer oor 'n aanlynstemming wat plaasgevind het. "Dit is nie nodig om oop te maak nie – die kerk was nog nooit toe nie. Kyk net wat doen lidmate alles om mense in nood te help," skryf 'n teoloog.

Ek ry die middag by 'n NG kerkgebou verby. Die tuin is verwaarloos en die hek gesluit. "Eredienste gekanselleer," kondig die bord by die hek aan. Dié kerk lyk redelik gesluit. Ek dink onwillekeurig aan oom Dolf, sy familie en vriende. Miskien is dit tog nodig om te waag om die deure oop te maak – al is dit net op 'n skrefie ...

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

GESTUUR

LOURENS BOSMAN

Het jy al die ervaring gehad dat iemand jou bel, uit die bloute, en dat dit dan geweldig baie vir jou beteken? Dalk was dit in hierdie tyd van inperking, in 'n krisis, of toe jy 'n bietjie bemoediging nodig gehad het. Miskien sal die persoon dan sê: "Iets het net vir my gesê om jou te bel." Of: "Jy was vanoggend skielik in my gedagtes."

Eerder as om dit aan telepatie toe te skryf, dink gelowiges hier eerder aan die influistering van die Gees. Daardie ervaring dat die Heilige Gees iets in 'n mens se gedagtes plaas, jou aan iemand herinner of jou oë oopmaak vir iemand se nood.

'n Paar jaar gelede was ek nogal

Die fluistering van die Gees

onthuts toe ek hieroor met 'n klomp ervare gelowiges gesels en die meeste vir my sê: "Ek het nog nooit die stem van die Heilige Gees op so 'n persoonlike vlak ervaar nie."

Miskien is dit omdat ons die leiding van die Gees te ingewikkeld maak. Party mense soek sy leiding net as dit oor groot sake gaan en dan móét 'n mens maar versigtig wees. Dit is gevaarlik om ingrypende besluite te neem slegs op 'n impuls dat die Gees jou so lei. God sluit nooit die Woord, jou verstand en die wysheid wat kom deur gesprekke met ander gelowiges uit as ons groot besluite moet neem nie. Sulke besluite vra tyd

en gebed en oorweging.

Waaroor ek hier praat, is eerder die sagte influistering van die Gees waarmee God ons dag vir dag lei. Hierdie influistering is 'n baie belangrike manier hoe God ons na die wêreld stuur. Wanneer Jesus aan die dissipels verskyn, sê Hy: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook." En dan blaas Hy op hulle en sê: "Ontvang die Heilige Gees".

Die Gees lei gestuurde mense. Hierin is dit ook nie so moeilik om die stem van die Gees te onderskei nie.


Impulse wat jou meer ekkerig, aggressief, veroordelend, materialisties en selfsugtig maak, kom vanuit jou son-

dige natuur en versoekings. Die Gees, daarenteen, maak jou liefdevol, genadig, empaties, barmhartig en vrygewig. Die Gees bring 'n mens ook in beweging om nie net te hoor en te sien nie, maar om te doen en te dien. Die Gees laat 'n mens meer soos Jesus lyk.

God is by ons teenwoordig en die Gees fluister dag na dag vir jou oor jou roeping. Daarvoor hoef jy nie te wonder nie. Om daardie fluistering te hoor en te gehoorsaam, is onontbeerlik om in pas met die lewende God te leef.


► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

PRET VIR DIE KLEINSPAN OP KOUE WINTERSDAE




**MY EERSTE BYBEL
DOEN EN LEER BOEK**

R25



**MY TWEDE BYBEL
DOEN EN LEER BOEK**

R25



**MY DERDE BYBEL
DOEN EN LEER BOEK**

R25




**KINDERPRET
SPEELLEER-
AKTIWITEITSBOEK
- OU TESTAMENT**

R90




**KINDERPRET
SPEELLEER-
AKTIWITEITSBOEK
- NUWE TESTAMENT**

R90




**FUNKIDZ
PLAY AND LEARN
ACTIVITY BOOK
- OLD TESTAMENT**

R90



**FUNKIDZ
PLAY AND LEARN
ACTIVITY BOOK
- NEW TESTAMENT**

R90



**KLEUTERPRET
MY BYBELMENSE-
INKLEURBOEK**

R90



**EK IS BY JULLE!
'N KINDERREEKS
VIR PINKSTER**

R100



GELOOF-SPEELBOEK

R145

AFLEWERING SAL VANAF 1 JUNIE PLAASVIND.

IN MEMORIAM

Hierdie is verkorte weergawes van doodsberigte wat in die 2020-Jaarboek gepubliseer is. Om die Jaarboek te bestel teen R340, stuur 'n e-pos na bestel@bmedia.co.za of besoek ons e-winkel by www.bybelmedia.co.za

**DS GERT STRYDOM (BA Hons) 31 Mei 1930 – 4 Oktober 2019**

Gert Johannes Strydom is op 31 Mei 1930 gebore op die plaas De Hoek in die distrik Uniondale. Hy begin sy skoolopleiding in 1936 aan die plaasskole te Haarlem en Ongelegen tot 1943. Daarna is hy leerling aan die Hoërskool McLachlan in Joubertina, waar hy in 1947 matrikuleer. Hy voel geroepe om sendeling te word en begin in 1948 met sy studie aan Hugenote Univer-siteitskollege, wat hom toegang gee

tot die Sendinginstituut te Wellington waar hy einde 1954 as sendeling gelegitimeer word.

Ds Gert Strydom sterf op 4 Oktober 2019 in die rype ouderdom van 89 jaar, 'n maand voor hy 90 sou word.

“Oom Gert sal onthou word as 'n innemende, vriendelike mens wat sy medemens altyd geag en gedien het. 'n Ware pastor en heer!”

– **Gerdrie van der Merwe**

DS KOSIE TERBLANCHE (BA) 17 September 1923 – 8 September 2019

Jacobus Ernst Terblanche is op 17 September 1923 gebore op die plaas Voorbedacht te Matjiesrivier in die Kango naby Oudtshoorn. Kosie begin in 1930 met sy skoolopleiding aan die Laerskool Kango-Sentraal op Matjiesrivier. In 1944 in sy BA-finalejaar met Duits en Geografie as hoofvakke, word die roeping om predikant te word so sterk, dat hy deelyds met Grieks en Hebreeus

begin. Kosie word op 8 Desember 1949 as proponent van die NG Kerk gelegitimeer. Ds Kosie Terblanche trou op 20 Julie 1953 met mej Louine Meiring. Uit die huwelik is vyf kinders gebore: Johann, Meiring, Magdel, Sandra en Cobus. Na Louine se dood trou hy met Anna, weduwee van ds NH Stark. Ds Kosie sterf op Sondag 8 September 2019. – **Gerdrie van der Merwe**

DS KOBUS THOM (BA, MTh) 15 Februarie 1929 – 7 April 2019

Jacobus Daniël Thom is op 15 Februarie 1929 gebore te Joubertina. Hy begin sy skoolopleiding in die Langkloof en in 1935 verhuis die gesin na George waar Kobus op skool presteer en op 16-jarige ouderdom in 1945 aan die Hoërskool Outeniqua matrikuleer. Ds Kobus ontmoet sy vrou Mary Dorothy Combrink by die CSV se stranddiensspan op Hartenbos. Na Mary se dood op 27 September 2014, is sy lewe nooit weer dieselfde nie. Ds Kobus Thom

sterf op Sondag 7 April 2019 in die ouderdom van 90 jaar.

Uit ds Kobus en Mary Thom se huwelik is vyf kinders gebore: Johan (professor in Grieks by US), Wouter (afgetrede aktuaris van Sanlam), Jaco (predikant op Petrusburg), Charlotte Koegelenberg (predikantsvrou op De Doorns) en Heleen Meyer (sielkundige in Durbanville), wie se man die bekende pottebakker Hennie Meyer is. – **Gerdrie van der Merwe**

DS WILLEM TROSKIE (BA, BD) 18 Julie 1925 – 28 Mei 2019

Wilhelm Karel Troskie is op 18 Julie 1925 gebore op Ficksburg, 'n skilderagtige dorp in die Oos-Vrystaatse Grensgordel. In 1933 begin Willem met sy skoolopleiding aan die Laerskool Braamfontein en van 1936 tot 1938 aan die Laerskool Jan Cilliers. In 1939 word hy 'n leerling aan die Helpmekaar Hoërskool in Johannesburg en met hulle vertrek na Vredefort word hy in 1941 leerling aan Hoërskool Vredefort waar

hy in 1942 matrikuleer. Die oggend van sy dood op 28 Mei 2019 in die Protea-aftreeoord, het die 94-jarige ds Willem Troskie nog op eie stroom nuwe intrekters besoek. Daarna het hy die res van die dag in die tuin van sy meenthuis gewerk. Die aand sterf hy terwyl hy sy Bybelse dagboek lees en so eindig die lewe van een van die Here se begenadigde diensknegte. – **Gerdrie van der Merwe**

Lees die volledige huldeblyke by kerkbode.co.za

Klik op die In Memoriam-skakel.

Om 'n huldeblyk aan 'n afgestorwe naasbestaande te skryf, klik op die skakel soos in die skermgreep hiernaas aangedui.

**AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE**

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by
lida@tydskrifte.co.za

OOS-KAAP
EMERITAAT

Ds Pieter Bernardus Swanevelder van Sondagsrivier-Kirkwood het op 31 Mei 2020 geëmeriteer. (J Janse van Rensburg, 03.06.2020.)

NG KERK

BEROEP: Prop Tom Smith na Fontainebleau Gemeenskapskerk as diensleeraar met opdrag Prediking en Geloofsbegeleiding; prop Schalk van Heerden na Fontainebleau Gemeenskapskerk met opdrag Gemeenskapsbediening/Diakonaat.


VRYSTAAT

EMERITAAT

Neem kennis dat ds André (AJ) Koenig na 34 jaar diens by die NG Kerk Bethelhem-Oos op 30 Junie 2020 emeriteer. (Tertius Lamprecht, RS, 02.06.2020.)

DWARSWEGSTRAND

5 km vanaf Groot-Brakrivier, 25 km van George asook Mosselbaai. Ten volle toegeruste 4 en 3 slaapkamerhuise (sommige met motorafdakke) reg voor op die see, 2-slaapkamerwoonstelle, seefrontwoonstelle (slaap 2) – stapafstand van die see, 34 staanplek woonwagpark (drie ster gradeer) met krag-, waterpunte en braaigeriewe, sommige staanplekke reg voor op die see, 24 uur sekuriteit by ingang.



Kontak by **044 879 1010**, bespreek aanlyn by www.dwarswegstrandoord.co.za of stuur 'n e-pos na: oordbesprekings.dwarswegstrand@axxess.co.za

Spesiale tariewe vir SAOU-lede en pensioenarisse.

NG MOEDERGEMEENTE SCHWEIZER-RENEKE**Vakature: TERMYNBEPAALE LERAARSPOS**

Die kerkraad wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoek in vir die pos van bedienaar van die Woord vir die NG Moedergemeente Schweizer-Reneke.

Gemeenteprofiel:

- Schweizer-Reneke is 'n plattelandse dorp geleë in die Noordwes-provinsie.
- Die NG Moedergemeente bedien 'n groot boerderygemeenskap met vier plaaswyke en sewe dorpswyke.
- Ons het ongeveer 450 belydende lidmate, 60 dooplidmate en 'n hele aantal lidmate in Silwerjare Tehuis vir Bejaardes.
- Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 42 jaar.
- Ons is 'n geloofs familie wat deur God geroep is om verhoudingsgerig te leef en so-doende ook 'n verskil te maak in die samelewing en breër gemeenskap.
- Ons fokus in die erediens daarop om die Woord met 'n tradisionele benadering te bedien, maar wel ook met groot ruimte vir jeugbediening en lofprysing.
- Die visie van die gemeente is: “*Ons bring die Kruis liefde in beweging*”.

Leraarsprofiel:

Die volgende vereistes is van besondere belang met die oog op 'n beroep:

- 'n Dinamiese, Woordgetroue leraar/proponent van die NG Kerk.
- Moet 'n passie hê vir sy/haar beroep en 'n gevoelige hart vir alle ouderdomsgroepe.
- Beslis aktief betrokke wees by die jeug asook bejaardes.
- Meelewing met aktiwiteite van die gemeentelede.
- Sigbaar wees binne die gemeente.
- Moet in beide tradisionele en gesinsdienste die Woord verkondig met innoverende denke, maar steeds met respek vir tradisies.
- Moet kan leiding gee en ook bereid wees om deel van 'n bestuurspan te wees.
- Moet maklik kan kommunikeer, buitekerklikes kan identifiseer, hulle laat welkom voel en aanmoedig om deel van die gemeente te wees.
- Gemaklik wees met tuisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate.
- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander leraars binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap.

Vergoedingspakket:

- Hierdie pos is vir 'n driejaartermyn.
- Indien dit tot voordeel van die gemeente en leraar strek, en binne die vermoë van die gemeente is, kan die termyn verleng word.
- Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal as riglyn en ander voordele en riglyne as basis.
- 'n Ruim pastorie is beskikbaar op 'n pragtige kerkterrein.

Aansoek:

- E-pos volledige CV met minstens drie referente na die kerkkantoor: srklipkerk@gmail.com
- Kandidate wat die kortlys haal sal gekontak word. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud asook die waarneem van 'n preekbeurt in die gemeente.
- **Sluitingsdatum:** Al is ons tans in 'n grendeltyd agv Covid-19, bring ons nou reeds hierdie vakante pos onder die aandag van alle moontlike kandidate. Hou dus die digitale media (*Kerkbode*) dop vir die finale sluitingsdatum vir aansoek.
- **Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik na opheffing van grendeltyd.

Navrae:

- Doreen Wolvaart (skriba) – 053 963 1461 (08:00-13:00) / 082 553 5334
- Flip Fouché (voorsitter) – 082 570 6322.

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n beroep uit te bring nie.

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgeenheid vir 4. Veilige parking. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

**BLOEMFONTEIN
B@HOME**

Emil en Sandra. Vriendelik, rustig en veilig. Netjiese selfsorgeenhede met tuin en braai. Naby MediClinic, Mall, skole en universiteit.

**Enkel: R350, dubbel: R470.
Groter eenheid: Spesiale tarief.
Skakel 051 444 0204 of
083 235 3000.**

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parking. Naby N1, skougronde, hospitale en inkoop-sentrums. Vanaf: R250.
Skakel Hanlie, **084 400 2693.**
hanlidevilliers@webmail.co.za

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600 pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

KLEINMOND: Seefrontvakansiehuise, woonstelle en kothuise te huur. Besoek ons webtuiste: www.kleinmondprop.co.za. Skakel ons. Tel: 028 271 3047, sel: 083 700 4962.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSSELBAAI)**

2 slaapkamerwoonstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwars deur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietsplek.com

UVONGO: WILI-WERK-NI, OPPI-DRAAI. 2 ten volle toegeruste vakansiehuise. Almal het pragtige see-uitsig. Loopafstand na strand. TV, braaigeriewe. Afstandbeheerde parking. Skakel Willie of Poppie Brits by 039 317 2076, 082 746 4852.

WILDERNIS: ARENDSNES. Volledig toegeruste 2 slaapkamer, see-uitsig, selfsorgwoonstel met binnebraai, DStv, slaap 4/5. Beaty 083 231 0315, 044 877 0471. beatyv@absamail.co.za



Trinity Uniting Church in the City of Perth verwelkom graag alle Afrikaanssprekendes in die middestad!

Die Afrikaanse Gemeente van die Uniting Church in the City of Perth, is geleë in die hart van Perth se middestad.

Die Afrikaanse Gemeente het ten doel om alle Afrikaanse emigrante en migrante te help integreer in 'n multikulturele Australiese samelewing. Ons wil vir almal 'n geestelike tuiste en 'n familie gevoel skep, waar nuwe mense ontmoet kan word. Ons wil ook met die evangelie 'n verskil hier in die vreemde maak. Ons werk daarom nou saam met die Engelse gemeentes van die Uniting Church in the City, asook ander kerklike denominasies.

Ons kom weekliks byeen vir eredienste. Die laaste Sondag van die maand kom ons om 08:30 by Trinity Uniting Church byeen, vir 'n meer klassieke erediens. Die ander drie Sondae kom ons om 18:00 by Ross Memorial Uniting Church byeen, vir 'n meer kontemporêre erediens. Die eerste en derde Sondag van die maand het ons 'n groep, **Awaken**, wat om 18:00 by Trinity byeenkom. **Awaken** is gerig op studente en jongwerkendes. Alle preke by al drie eredienste is eietyds en sterk Woord-gerig.

Ons wil alle voornemende migrante en emigrante uit Suid-Afrika met ope arms ontvang. Kom raak deel van ons gemeente en ontmoet ander Afrikaners, Aussies en mense van ander kulture uit ander lande van die wêreld.

Predikante: **Ds Hannes Halgryn en Dr Herman Nienaber**
Facebook: **Kerk in die Stad.**
Webblad: www.perthunitingchurch.com.au
E-pos: hannesh@ucic.org.au en hermann@ucic.org.au




Om kleinadvertensies te plaas, kontak Lida Viljoen:
Tel: 021 864 8202
E-pos: lida@tydskrifte.co.za

**Besoek gerus kerkbode.co.za
vir die jongste nuus.**

Luister nou na Radio Kaapse Kansel

729 AM

**Jou Christelike gesels-radlostasie
in die Wes-Kaap**



Dit is AM nie FM nie. Luister enige tyd, enige plek, van die Kaap tot in Hong Kong via ons slimfoon toepassing.

Adverteer jou besigheid op radio
kontak vir, Kosie Burger
kosie@kaapsekansel.co.za

Vir meer inligting:
021 817 7000
www.kaapsekansel.co.za
info@kaapsekansel.co.za



